# SORGSAME TOESIGHOUDING VAN DIE WERKSWINKELONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN LEERLINGVEILIGHEID

**PAUL LODEWYK ELS**

**(HOD, BA, B Ed)**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad **Magister Educationis**
in die Nagraadse Skool vir Opvoedkunde
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

STUDIELEIER: PROF. I.J. OOSTHUIZEN

HULPLEIER: PROF. P.C. VAN DER WESTHUIZEN

Potchefstroom

Mei 1994

# DANKBETUIGINGS

Aan God Drie-enig vir sy genade.

Graag wil ek hiermee die volgende persone bedank:

- My grootste waardering vir die bekwame hulp van my studieleier, prof. I.J. Oosthuizen, asook my hulpleier, prof. P.C. van der Westhuizen, wat my nie alleen aangemoedig het met die skryf van die verhandeling nie, maar ook end-uit bygestaan het daarin.
- Ook my innige dank aan my vrou, Elsa, vir die baie ure se tikwerk asook haar begrip en aansporing tydens my studies.
- Mev. E. Mentz van die Statistiese Konsultasiediens aan die PU vir CHO vir haar bekwame hulp en insette met die vraelys asook die verwerking van die empiriese data.
- Dr. Mattheus van die Transvaalse Onderwysdepartement wat die nodige toestemming om die vraelyste te sirkuleer teen 'n spoedeisende tempo en op baie vriendelike wyse hanteer het.

# SUMMARY

## ATTENTIVE SUPERVISION OF THE WORKSHOP TEACHER WITH REGARD TO THE SAFETY OF THE PUPILS

The teacher has a notable legal duty with regard to attentive supervision and the safety of the pupils in the workshop.

It is expected of the professionally trained workshop teacher to look after the pupil placed in his care as conscientiously as a solicitous father would. The teacher's discretion and conduct should always be based on predictable and preventative action. Because pupils cannot possibly have the discernment of adults about more and less dangerous situations, the teacher should make provision for this factor in his daily planning.

Juridical aspects such as solicitous care, predictable and preventative action, in addition to the elements of accountability such as action, illegality, guilt, causality and damage demarcate and elucidate the daily task of the workshop teacher, who should ascertain that he is familiar with all these aspects. Because of this, a literature research on this matter has been undertaken.

The aim of the empirical research has been to determine the present state of knowledge of the workshop teacher regarding to certain educational law aspects and the teacher's solicitous supervising role concerning pupil safety.

A case study with appropriate questions on juridical teaching matters has been used to determine if the workshop teacher is capable of applying in practice, during normal situations, those juridical instructions which apply directly to his profession.

By means of this empirical study the following problems were identified:

- The respondents revealed an ignorance with regard to the following characteristic behaviour traits of pupils: impulsiveness, recklessness, disobedience, inconsiderate action and disadvantage-causing behaviour.

- A large number of respondents were not capable of applying their knowledge of juridical teaching matters in a case study.

Spesific recommendations have been made which should lead to a more sound prepared workshop teacher for his task as solicitous supervisor of his pupils' safety.

# LYS VAN FIGURE EN TABELLE

## LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Die onderwyser as 'n **in loco parentis** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 16

Figuur 2.2 Die bronne in die onderwysreg . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 19

## LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1 Response van respondente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48

Tabel 3.2a Biografiese gegewens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 49

Tabel 3.2b Opleiding in onderwysreg . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50

Tabel 3.3 Algemene gegewens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 52

Tabel 3.4 Toepaslike voorskrifte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

Tabel 3.5 Response op veiligheidsaspekte tydens aanvanklike opleiding . . . . . . . . . . . 55

Tabel 3.6 Mening van die werkswinkelonderwysers rakende leerlinggedrag . . . . . . . . 56

Tabel 3.7 Uitvoering van sekere riglyne in die Handleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . 58

Tabel 3.8 Onderwysregskundigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 60

Tabel 3.9 Hantering van leerlingbeserings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 61

Tabel 3.10 Gevallestudie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 63

# INHOUDSOPGAWE

Dankbetuigings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . ii

Summary . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . iii

Lys van figure en tabelle . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . v

**HOOFSTUK 1 : DIE OMSKRYWING EN DOEL VAN DIE WERKSWINKEL-ONDERWYSER SE SORGSAAMHEIDSPLIG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1**

1.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

1.2 PROBLEEMSTELLING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

1.3 NAVORSINGSDOELWITTE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 3

1.4 NAVORSINGSMETODES . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 3

1.4.1 Literatuurstudie (Studie van vakliteratuur) . . . . . . . . . . . . . . . 3

1.4.2 Empiriese ondersoek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.4.2.1 Vraelys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.4.2.2 Populasie en steekproef . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.4.2.3 Dataverwerking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.5 STRUKTURERING VAN NAVORSINGSVERSLAG . . . . . . . . . . . . 4

1.6 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 5

**HOOFSTUK 2 : DIE ONDERWYSREGTELIKE AARD VAN TOESIGHOUDING 6**


2.1 INLEIDING . . . . . . . . . . 6

2.2 SORGSAME TOESIG . . . . . . . . . . 6

2.3 DIE RELIGIEUSE OPDRAG TOT SORGSAME TOESIG . . . . . . . . . . 7

2.4 DIE OPDRAG AAN DIE OUER TOT SORGSAME TOESIG . . . . . . . . . . 8

2.5 DIE OPDRAG AAN DIE ONDERWYSER TOT SORGSAME TOESIG . . . . . . 9

2.5.1 Die kenmerke van die sorgsame onderwyser . . . . . . . . . . 11

2.5.1.1 Die sorgsame onderwyser tree op soos 'n **diligens paterfamilias** . . . . . . . . . . 11

2.5.1.2 Die sorgsame onderwyser tree soos 'n redelike man op (**Bonus paterfamilias**, vgl. 2.5) . . . . . . . . . . 12

2.5.1.3 Die sorgsame onderwyser ken die kind en sy wese . . . . . . . . . 13

2.5.1.4 Die sorgsame onderwyser is kundig en vaardig ten opsigte van die eise van sy beroep . . . . . . . . . . 14

2.5.1.5 Die sorgsame onderwyser ken die gevare waaraan die kind blootgestel is . . . . . . . . . . 14

2.5.1.6 Die sorgsame onderwyser is nie onkundig oor die regsvoorskrifte wat sy beroep beheer nie . . . . . . . . . . 15

2.5.1.7 Die sorgsame onderwyser is nie nalatig nie . . . . . . . . . . 15

2.6 DIE GEMEENREGTELIKE OPDRAG . . . . . . . . . . 15

2.6.1 In loco parentis . . . . . . . . . . 16

2.6.2 Kwasie-judisiële bevoegdheid . . . . . . . . . . 17

2.7 DIE STATUTÊRE OPDRAG . . . . . . . . . . 18

2.7.1 Wetgewing op nasionale vlak . . . . . . . . . . 19

2.7.2 Wetgewing op provinsiale vlak . . . . . . . . . . 20

2.7.2.1 Samevattende veiligheidsmaatreëls vir werkswinkels . . . . . . . . 20

2.7.2.2 Algemene prosedures wat gevolg moet word in geval van 'n leerlingbesering (TOD, 1993a: hfst. 13.1) . . . . . . . . . . . 21

2.7.2.3 Algemene voorsorgmaatreëls ter voorkoming van ongelukke in skole . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22

2.7.2.4 Aanstelling van veiligheidsverteenwoordigers en -komitees . . . . 22

2.8 DIE REGSPREKENDE OPDRAG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 23

2.8.1 Engelse regspraak . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 23

2.8.2 Amerikaanse regspraak . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24

2.8.3 Suid-Afrikaanse regspraak . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 25

2.9 DIE ELEMENTE VAN AANSPREEKLIKHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28

2.9.1 Handeling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30

2.9.2 Onregmatigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31

2.9.2.1 Wanneer is daar sprake van onregmatigheid? . . . . . . . . . . . . . 32

2.9.3 Skuld as element van aanspreeklikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . 33

2.9.3.1 Opset as verskyningsvorm van skuld (Dolus) . . . . . . . . . . . . . 34

2.9.3.2 Nalatigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35

2.10 KOUSALITEIT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40

2.11 SKADE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41

2.12 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43

HOOFSTUK 3 : EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE SORGSAME TOESIGHOUDING VAN DIE WERKSWINKELONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN LEERLINGVEILIGHEID . . . . . 44

3.1 INLEIDING . . . . . 44

3.2 NAVORSINGSONTWERP . . . . . 44

3.2.1 Die vraelys as meetinstrument . . . . . 44

3.2.1.1 Die rede waarom 'n vraelys gebruik is . . . . . 44

3.2.1.2 Die posvraelys . . . . . 45

3.2.1.3 Voordele van die posvraelys . . . . . 45

3.2.1.4 Nadele van die posvraelys . . . . . 45

3.2.2 Konstruksie van die vraelys . . . . . 46

3.2.3 Die loodsvraelys . . . . . 47

3.2.4 Die finale vraelys . . . . . 47

3.2.5 Administratiewe prosedure . . . . . 47

3.2.6 Studiepopulasie . . . . . 48

3.2.7 Statistiese tegniek . . . . . 48

3.3 INTERPRETERING VAN GEGEWENS . . . . . 48

3.3.1 Afdeling A : Biografiese gegewens . . . . . 48

3.3.1.1 Profiel van respondente . . . . . 50

3.3.2 Afdeling B : Veiligheidsdeterminante in die werkswinkel . . . . . 51

3.3.2.1 Algemene gegewens . . . . . 51

3.3.2.2 Toepaslike voorskrifte . . . . . 53

3.3.2.3 Veiligheidsaspekte by aanvanklike opleiding . . . . . 54

3.3.2.4 Leerlinggedrag in die werkswinkel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 55

3.3.2.5 Handleiding vir algemene skoolorganisasie. . . . . . . . . . . . . . . 57

3.3.3 Afdeling C : Onderwysregskundigheid ten opsigte van sorgsame toesig . . 59

3.3.3.1 Skadevergoeding. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.3.3.2 Leerlingbeserings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 61

3.3.4 Afdeling D : Gevallestudie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 62

3.3.5 Kundigheid met betrekking tot onderwysbeleidsake en onderwysregsaspekte in die werkswinkel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 68

3.4 SAMEVATTING. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69

**HOOFSTUK 4 : SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS . . . . . . 70**

4.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 70

4.2 SAMEVATTING. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 70

4.3 BEVINDINGE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 71

4.3.1 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . 71

4.3.2 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . 72

4.4 AANBEVELINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 73

4.4.1 Aanbeveling 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 74

4.4.2 Aanbeveling 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 74

4.4.3 Aanbeveling 3 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75

4.4.4 Aanbeveling 4 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75

4.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING . . . . . . . . . . . . . . 75

4.6 SLOTOPMERKING. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 76

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 77

BYLAE A : BRIEF AAN DIREKTEUR VAN ONDERWYS, TOD. . . . . . . . . . . . . . 84

BYLAE B : TOESTEMMINGSBRIEF VAN TOD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 86

BYLAE C : VRAELYS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88

# HOOFSTUK 1

## DIE OMSKRYWING EN DOEL VAN DIE WERKSWINKELONDERWYSER SE SORGSAAMHEIDSPLIG

### 1.1 INLEIDING

Daar word dikwels hoë eise aan die werkswinkelonderwyser gestel ten opsigte van sy sorgsaamheidsplig. Net so word daar van die leerling in die werkswinkel gehoorsaamheid, dissipline en waaksaamheid vereis.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser kom ter sprake wanneer daar deur die leerling vermoënskade of persoonlikheidsnadeel gely word omdat daar by die onderwyser (toesighouer) 'n bepaalde optrede of versuim was (Beckmann, 1989:52). Volgens Beckmann (Ibid) hou dit verband met onregmatige, skuldige optrede. Die onderwyser is gevolglik aanspreeklik vir skade of nadeel omdat hy nalatig was. Die veronderstelling is dat hy die skade of nadeel behoort te kon voorsien het en dit moontlik kon voorkom het.

Dit blyk uit die voorafgaande dat die aanspreeklikheid van die onderwyser verband hou met sy "sorgsaamheidsplig" en sy plig om 'n geborge en veilige klimaat te skep vir opvoedende onderwys.

Ten einde die doel van opvoedende onderwys te bereik moet daar deur onder andere onderwysregsbeginsels 'n klimaat van geborgenheid vir die kind geskep word. Deur die onderwysreg word geborgenheid en daarom 'n gevoel van veiligheid geskep (Van der Westhuizen en Oosthuizen, 1989:750).

Ingevolge die gemene reg is die ouer verplig om die kind op te voed en te laat opvoed (Prinsloo en Beckmann, 1987:108). Die ouer doen nooit afstand van sy ouerlike gesag of bevoegdhede nie, maar ingevolge die gemene reg voer onderwysers gesag oor kinders in die skool tydens amptelike skoolbedrywighede. Vir die duur van die tyd wat die

kind in die skool is, is die onderwyser die plaasvervangende ouer, 'n **in loco parentis**-persoon wat met gesag oor die kind beklee is (Prinsloo en Beckmann, 1987:109).

Vanweë sy **in loco parentis**-posisie word daar van die onderwyser verwag om 'n besonder sorgsame toesigrol te vervul, veral as die situasie vir kinders gevaar inhou (Prinsloo en Beckmann,1987:72). Die probleem is egter dat kinders impulsief kan optree en onnadenkend handel. Dit kan tot beserings lei (vgl. hofuitspraak **Knouwds v Administrateur, Kaap** 1981 1 SA 544[K]). Die werkswinkelonderwyser moet dus met impulsiwiteit en onnadenkendheid rekening hou. Dit sal verseker dat hy behoorlike voorsorgmaatreëls tref om sulke riskante gedrag te voorkom (Botha. 1994:85).

In besondere omstandighede rus daar 'n regsplig op die werkswinkelonderwyser om deur voorkomende handelinge beheer oor die hantering van gevaarlike gereedskap uit te oefen om sodoende leerlingveiligheid te verseker. (Neethling et al., 1992:57). Ten opsigte van hierdie regsplig blyk die probleem, volgens Human (1986:71), dat baie min werkswinkelonderwysers vertroud is met onderwyswetgewing. Derhalwe besef hulle nie hulle aanspreeklikheid ten opsigte van leerlingveiligheid ten volle nie.

Van Wyk (1987:13) beklemtoon dat onderwysers, net soos mense in ander professies, kennis behoort te dra van die verskillende juridiese bepalings en regsbeginsels wat op hulle van toepassing is. Indien 'n werkswinkelonderwyser onder wie se toesig gevaarlike voorwerpe (soos 'n bandsaag of beitels) hanteer word, versuim om voorkomend op te tree en 'n leerling word as gevolg daarvan benadeel, sal sy versuim as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid aangemerk word (Botha, 1994:80), aangesien hy nie sy sorgsame toesighoudingsrol na behore vervul het nie.

Die probleem is dat leerlinge maklik in werkswinkels beseer kan word. Daarom behoort veral die werkswinkelonderwyser deeglik bewus te wees van alle relevante wetgewing en statutêre bronne soos vervat in die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a:hfst. 13). Dié hoofstuk handel oor voorskrifte met betrekking tot die gebruik van masjinerie in werkswinkels en leerlingveiligheid (vgl. 2.7.2.1). Hieruit blyk 'n verdere probleem.

Daar kan volgens die reg verwag word dat 'n onderwyser (i.c. die werkswinkelonderwyser) behoorlik opgelei en kundig sal wees rakende die eise en wetgewing en gemene regsplig van sy beroep (Beckmann, 1989:54,61). Hierdie vereiste geld sekerlik ook vir die sorgsame toesigrol wat die werkswinkelonderwyser vervul. Human (1986:71) het bevind dat dit allermins die geval is. Ook in die literatuur word min gevind wat spesifiek op

die werkswinkelonderwyser se aanspreeklikheid en sorgsame toesigrol fokus. Uit navraag blyk dit ook dat by die Onderwyskollege Potchefstroom en die Onderwyskollege Pretoria die wetlike aspekte rakende sy beroep meestal oor die hoof gesien word tydens sy opleiding.

Uit bogenoemde blyk dit dat die kernprobleme wat in hierdie navorsing aangespreek word, die volgende is:

- Wat is die onderwysregtelike aard van sorgsame toesighouding?
- Hoe kundig is die werkswinkelonderwyser ten opsigte van sy sorgsame toesighoudingstaak?

## 1.3 NAVORSINGSDOELWITTE

- Navorsingsdoelwit 1:
  Om uit die bestaande vakliteratuur die onderwysregtelike aard van sorgsame toesighouding te bepaal.

- Navorsingsdoelwit 2:
  Om deur 'n empiriese ondersoek te bepaal hoe kundig die werkswinkelonderwyser ten opsigte van sy sorgsame toesighoudingstaak is.

- Navorsingsdoelwit 3:
  Om aanbevelings te maak rakende die werkswinkelonderwyser se sorgsame toesighouding.

## 1.4 NAVORSINGSMETODES

### 1.4.1 Literatuurstudie (Studie van vakliteratuur)

Die doel met so 'n studie is om die onderwysregtelike aard van die sorgsame toesigrol van die werkswinkelonderwyser te bepaal. Om dié doel tè bereik is bepaalde statutêre wette, regspraak en gemene reg onder die soeklig geplaas om sodoende 'n oorsig te kan kry oor relevante regsbepalings.

Verder is aanvullende literatuur verkry met behulp van 'n DIALOG-soektog. Daar is gebruik gemaak van die volgende trefwoorde: workshop teacher/instructor, duty of care, liability, pupils' safety.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

#### 1.4.2.1 Vraelys

Uit die literatuuroorsig is loodsvraelyste (n=5) aan kollegas, wat nie deel van die steekproef sou uitmaak nie, voorgelê. Daarna is 'n gestruktureerde vraelys ontwikkel. Die doel met die posvraelys was om die werkswinkelonderwyser se kundigheid met betrekking tot die onderwysregtelike aard van sy toesigrol te bepaal.

#### 1.4.2.2 Populasie en steekproef

Die ondersoek was omvattend en het gefokus op al die Afrikaansmedium sekondêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement wat oor werkswinkels beskik (n=174). Vraelyste is aan al hierdie skole in Transvaal gestuur sodat departementshoofde en werkswinkelonderwysers in beheer van werkswinkels dit kon voltooi. Die populasie het dus slegs praktiserende onderwysers ingesluit.

#### 1.4.2.3 Dataverwerking

Data is in die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO ingevoer en bewerkings is met behulp van 'n SAS-rekenaarprogrampakket gedoen (SAS Institute Inc., 1985).

## 1.5 STRUKTURERING VAN NAVORSINGSVERSLAG

- Hoofstuk 1 : Die omskrywing en doel van die werkswinkelonderwyser se sorgsaamheidsplig.
- Hoofstuk 2 : Die onderwysregtelike aard van toesighouding.
- Hoofstuk 3 : Empiriese ondersoek na die sorgsame toesighouding van die werkswinkelonderwyser ten opsigte van leerlingveiligheid.
- Hoofstuk 4 : Samevatting, bevindings en aanbevelings

## 1.6 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is die belangrikheid van die werkswinkelonderwyser se sorgsaamheidsplig aangetoon. Daar is die probleem, naamlik dat praktiserende onderwysers nie 'n goeie begrip van hul sorgsaamheidsplig of die regsimplikasies van riskante optrede het nie, kortliks uiteengesit. Die bestaande juridiese bepalings en regsbeginsels wil juis 'n klimaat van geborgenheid skep waarbinne die onderwyser en leerling hulle veilig kan voel. Die navorsingsdoelwitte, -terrein en -metodes asook die strukturering van hierdie navorsingsverslag is in hierdie hoofstuk uiteengesit.

# HOOFSTUK 2

## DIE ONDERWYSREGTELIKE AARD VAN TOESIGHOUDING

### 2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die probleem gestel dat die werkswinkelonderwyser moontlik nie oor genoegsame relevante juridiese kennis beskik om die omvang van sy taak as 'n sorgsame toesighouer na behore te besef nie. Vervolgens is die doel en metode van navorsing bespreek asook die verdere verloop van die studie.

In hierdie hoofstuk handel dit grotendeels oor die onderwysregtelike aard van toesighouding. Dit behels die ouerlike opdrag tot sorgsaamheid, die opdrag aan die onderwyser tot sorgsame toesig oor die kind en die elemente van aanspreeklikheid vir sorgsame toesig.

### 2.2 SORGSAME TOESIG

Volgens HAT (1981:1032,1154) beteken sorgsame toesig die volgende:

- Sorgsaam: vol sorg, oppassend.
- Toesig: bewaking, sorg, toesig hou oor 'n minderjarige.

Sorgsame toesig kan dus omskryf word as die verantwoordelike bewaking en versorging van en die omsien na die welsyn van 'n minderjarige.

Opvoeding is primêr die taak van die ouer. Omdat 'n kind tot omstreeks sy sesde lewensjaar die meeste van sy tyd by sy ouerhuis deurbring, is dit vir hom die belangrikste leeromgewing. Hy leer om in 'n besondere verhouding tot sy ouers, broers en susters te staan. Die ouerhuis met sy intieme eenheid is vir die kind sy primêre opvoedings- en onderwysmilieu. Sy ouers, broers en susters is dus sy primêre opvoeders (Kruger en Krause, 1972:217).

Die baie hegte en intieme eenheid wat in sy ouerhuis bestaan, is as primêre samelewingsverband by uitstek daartoe geskik om die opvoedingstaak waar te neem (Oosthuizen, 1989:107).

Prinsloo en Beckmann (1987:51) wys daarop dat ouerlike verpligtinge 'n aanvang neem reeds voor die geboorte van die kind en strek tot by sy mondigwording. Daarom mag ouers nie na willekeur van hul sorgsaamheidsplig afstand doen nie omdat dit siviele stappe of kriminele straf tot gevolg kan hê.

## 2.3 DIE RELIGIEUSE OPDRAG TOT SORGSAME TOESIG

Religie is die terugbinding van die hart aan 'n ware God of 'n afgod. Die hart van die mens bepaal die rigting van sy dade (Van der Walt et al., 1983:61).

Religie kan nie neutraal wees nie. Alle lewensbeskouings, standpunte en optredes van die mens kan teruggevoer word na sy religieuse oortuiging. Omdat opvoedkunde ook 'n menslike handeling is, kan dit ook na die religie teruggevoer word. Net soos religie nie neutraal kan wees nie, is neutrale opvoeding ook onmoontlik (vgl. Van Wyk, 1973:3; Van der Walt et al., 1983:64,65).

Die mens het die opdrag van God ontvang om oor die aarde te heers en dit te onderwerp (Gen.1:28). Om dié Goddelike taak na behore uit te voer moet hy studie onderneem en kennis versamel. Om hierdie rede is onderwys 'n Goddelike opdrag (Van Wyk, 1973:54).

Die meeste ouers in ons land het 'n doopbelofte afgelê naamlik dat hulle hulle kinders in die leer van hulle kerk sal onderrig en sal laat onderrig. Hierdie doopbelofte plaas 'n opvoedingsplig op elke ouer (De Vries, 1986:22). Indien ouers erns het met hierdie belofte, sal hulle toesien dat die gees en rigting van die onderwys in die skool ooreenstem met dié van die ouerhuis (Van Wyk, 1973:76). Die reg plaas etlike verbandhoudende verpligtinge op die ouer ten einde te verseker dat die kind wél die opvoeding waarop hy geregtig is, ontvang (Prinsloo en Beckmann, 1987:53). Die gevolg hiervan is dat ouers 'n al hoe groter seggenskap in ons skole kry en dit uiteindelik nie meer van die onderwysdepartement se kant af nie, maar van ouerkant sal afhang wat die aard van die Christelike opvoeding in hulle kind se skool sal wees (Van Wyk, 1973:76).

God het aan ouers die taak gegee om hulle kinders op te voed, te versorg en verantwoordelikheid vir hulle te aanvaar. Daarom moet hierdie kinders na die woord van God en tot sy eer opgevoed word (Vogelaar en Bregman, 1984:55).

Protestantse ouers behoort hul deur die beloftes, soos vervat in die Doop-, Huweliks- en Nagmaalformulier, te laat lei (De Vries, 1986:22).

Ouerskap is dus 'n Goddelike roeping wat met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid hanteer moet word.

Beide die primêre opvoeders (die ouers) en die sekondêre opvoeders (die onderwysers) is aan God verantwoordelik vir hulle opvoedingstaak (Van der Walt, 1983:74).

## 2.4 DIE OPDRAG AAN DIE OUER TOT SORGSAME TOESIG

Sorgsame toesig en versorging is 'n juridiese plig wat sy oorsprong in die gemene reg sowel as die statutêre reg het. Dit kom daarop neer dat 'n kind die reg het om versorging en opvoeding te ontvang. By die ouers berus die finale besluit na watter skool hulle hulle kind wil stuur, watter opleiding vir hom belangrik is en watter bedrywighede hy mag beoefen (Van Schalkwyk, 1983:42). 'n Ouer het dus 'n onderhoudsplig asook 'n opvoedingsplig jeens sy kind (Oosthuizen en Bondesio, 1988:56).

Indien 'n ouer nie sy onderhouds- en opvoedingsplig teenoor sy kind na behore nakom nie, kan die hof wat te alle tye as oppervoog van die minderjarige beskou moet word, hom die reg voorbehou om die kind uit die ouer se sorg te neem en in 'n ander, soos van pleegouers of 'n kinderhuis, se sorg te plaas (Spiro, 1971:233). Trouens, indien die ouer sy opvoedingsplig nie na behore vervul nie of dit laat vaar, kan hy strafregtelike of sivielregtelike optrede verwag (Spiro, 1971:31).

Die volgende juridiese bepalings (ingevolge die gemene reg) geld ten opsigte van die opvoeding van die kind (Van der Vyver en Joubert, 1985:116):

- Die ouer word verantwoordelik gehou vir die liggaamlike opvoeding van die kind. Aanverwant hiermee, is die plig wat daar op die ouer rus om die kind fisiek te versorg, te beskerm en te klee.
- Die karaktervorming van die kind sluit aspekte soos eerlikheid, gehoorsaamheid, vlyt, geduld en betroubaarheid in.

- Die ouer behou die reg om die eiesoortige Bybelonderrig wat hy aan die kind voorgehou het, te beskerm - selfs binne skoolverband.
- Die ontwikkeling van die kind se verstandelike vermoëns beteken dat hy aan formele skoling onderwerp moet word.
- Die kind word in 'n besondere gemeenskap gebore waar sekere waardes en norme geld wat uniek is aan die besondere kultuurgroep. Die opvoedingsplig van die ouer jeens die gemeenskap is gevolglik dié van kulturele vorming van die opvoedeling.

Behalwe bogenoemde vyf punte is dit ook so dat die ouer 'n **beskermingsplig** teenoor sy kind het. Volgens Van der Vyver en Joubert (1985:612) is die inhoud van die beskermingsverpligting wat op die ouer of voog rus, dat hy die kind teen gevare moet beskerm, byvoorbeeld verdrinking, verminking of voorspelbare besering, deur voorsorg teen hierdie gevare te tref of voldoende toesig te hou. Dit is van belang dat hierdie belangrike verpligting van die ouer verstaan word aangesien dit 'n soortgelyke verantwoordelikheid is wat ook by die onderwyser berus tydens dié ure wat die kind onder sy toesig verkeer.

## 2.5 DIE OPDRAG AAN DIE ONDERWYSER TOT SORGSAME TOESIG

Die ouer se vermoë om sy kind in alle opsigte te onderrig en op te voed word aan bande gelê deurdat hy nie altyd oor die nodige tyd en gespesialiseerde kennis beskik om die onderrig op sy eie te behartig nie. Om hierdie rede moet die ouer hom tot die sekondêre opvoeder, naamlik die onderwyser, wend wat dit op professionele en gespesialiseerde wyse kan doen. Dit spreek dus vanself dat die skoolopvoeding 'n voortsetting van tuisopvoeding behoort te wees waar die grondslag deur die primêre opvoeders, naamlik die ouers, gelê is (Kruger en Krause, 1972:222).

Die vereistes rakende die sorgsaamheidsplig van die onderwyser vir dié tyd wat die kind onder sy toesig is, is in 'n groot mate vergelykbaar met dié van die ouer. Daar word groter eise aan die onderwyser se sorgsaamheidsplig gestel vanweë die feit dat hy professioneel opgelei is om met kinders te werk en die onvoorspelbaarheid van die kind behoort te ken, (Shoop en Dunklee, 1992:274 ; Fischer et al., 1987:58).

Botha (1994:85) beklemtoon die feit dat in die reg daar in skoolverband 'n hoër mate van sorgsaamheid ten opsigte van kinders vereis word. Onderwysers moet deurentyd

in gedagte hou dat hulle met kinders werk wat impulsief en onnadenkend optree - veral in groepverband.

Die kind het 'n beperkte vermoë om met dieselfde redelike sorg as 'n volwasse persoon teenoor homself op te tree. Die kind beskik nie oor die nodige oordeelsvermoë nie en kan nie altyd die verband tussen oorsaak en gevolg insien nie (Fischer et al., 1987:59).'n Onderwyser moet dus altyd vir bogenoemde faktore voorsiening maak in sy eie hantering van die leerling (Botha, 1994:85 ; Bray et al., 1989:31).

Die meeste probleme rakende leerlingveiligheid ontstaan juis in daardie gevalle waar nie genoegsame toesig of beheer oor die leerlinge uitgeoefen is nie, of in gevalle waar die onderwyser nie voldoende sorg aan die dag gelê het ter voorkoming van 'n moontlike besering nie (Botha, 1994:80; Fischer et al., 1987:59).

Vanuit die onderwysreg, die onderwysprofessie en die ouergemeenskap word daar van 'n professioneel opgeleide onderwyser verwag om met besondere sorgsaamheid sy toesigrol na behore te vervul (Beckmann, 1989:52). Om die onderwyser in sy taak te steun sodat die leerlinge wat in sy sorg geplaas is nie onnodig beseer of bedreig word tydens skoolure in die werkswinkel of buitemuurse aktiwiteite nie, is daar deur wetgewing statutêre reëlings uitgevaardig soos die departementele riglyne oor voorsorgmaatreëls ter voorkoming van ongelukke in skole (Prinsloo en Beckmann, 1987:124).

Oosthuizen, I.J.(1992:88) merk in sy studies op dat daar geen aspek van die samelewing is wat nie deur die reg begrens word nie. Hy beveel aan en beklemtoon die belangrikheid daarvan dat die toekomstige onderwyser en die praktiserende onderwyser kennis moet bekom oor hoe die reg die beoefening van sy professie beïnvloed (vgl. Van Wyk, 1986a:131,138).

Benewens statutêre bepalings bestaan daar ook gemeenregtelike beginsels waarvolgens die onderwyser 'n **in loco parentis**-posisie ten opsigte van die leerling beklee (vgl. 2.5.1). Hierdie posisie verleen in een opsig 'n bevoegdheid aan hom om gesag te handhaaf en aan die ander kant lê dit 'n verpligting op hom om met sorg en goeie oordeel toesig te hou oor die leerlinge wat aan hom toevertrou is (Oosthuizen, I.J. 1992:107).

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dit dat:

- die onderwyser se sorgsaamheidsplig vergelykbaar is met dié van die ouer;

- daar op grond van sy professionele opleiding selfs groter eise aan die onderwyser gestel word ten opsigte van sy ingesteldheid om moontlike probleme en gevare te identifiseer;
- die onderwyser se optrede altyd gemeet word aan dié van die redelike man;
- onvoldoende toesig en beheer die hoofoorsaak kan wees van probleme met leerlingveiligheid;
- die onderwyser bepaalde verpligtinge het teenoor die leerlinge onder sy beheer, en dit moet duidelik in die skoolbeleid uitgespel word.

### 2.5.1 Die kenmerke van die sorgsame onderwyser

Deur die verskillende kenmerke van die sorgsame toesigrol van die onderwyser kortliks te bespreek word die omvang en taak van die onderwyser beter belig.

#### 2.5.1.1 Die sorgsame onderwyser tree op soos 'n *diligens paterfamilias*

Hierdie begrip kom oorspronklik uit Latyn en kan volgens Fuchs (1971:233,443) vrylik vertaal word as die nougesette vader van die huis. **Diligens** sou ook met "goeie" vertaal kon word en **paterfamilias** met "vader van die huis of die gesin". Dit is 'n persoon wat daarop ingestel is om moontlike gevare te identifiseer en voorkomend op te tree (Wille,1945:450). Dit impliseer dus dat daar van die onderwyser verwag word om soos 'n goeie sorgsame vader op te tree. 'n Verdere indirekte aspek van die **diligens paterfamilias**-gedagte ten opsigte van die onderwyser se sorgsaamheidsplig, is dat hy **in loco parentis** teenoor die leerlinge staan wat weens bepaalde werksverpligtinge in sy sorg geplaas is (Beckmann, 1989:59).

Fuchs (1971:357,439) verklaar die uitdrukking **in loco parentis** soos volg: parentis: vader, moeder of ouer en locus: plek. Die term beteken dus "in die plek van die ouer".

Volgens Beckmann (1989:59) sal daar ook van die sorgsame onderwyser verwag word om nie nalatig op te tree nie. Hierdie begrip sal later in besonderhede behandel word (vgl. 2.9.3.2). Voorts behoort daar dan kennis geneem te word van die sogenaamde redelike man-toets om meer lig te werp op die begrippe sorgsaam, **diligens paterfamilias** en **bonus paterfamilias**.

#### 2.5.1.2 Die sorgsame onderwyser tree soos 'n redelike man op (*Bonus paterfamilias*, vgl. 2.5)

Die redelike man word beskou as die hipotetiese ideaal van die gemiddelde mens se gedrag in die samelewing. Die persoon moet altyd billik en regverdig optree onder enige gegewe situasie. Hy is die personifikasie van die gemeenskap se ideaal van billikheid (Shoop en Dunklee, 1992:266).

Die essensiële begrippe by die redelike man-toets is die voorsienbaarheid en voorkombaarheid van moontlike nadeel (Shoop en Dunklee, 1992:266). Englard (1993:176) wys daarop dat voorsienbaarheid nie 'n doelwit op sigself is nie, maar eerder 'n normatiewe begrip. Van die onderwyser word daar verwag om in 'n gegewe situasie die moontlikheid van 'n besering of nadeel te voorsien en behoorlike stappe te doen ter voorkoming daarvan (Beckmann, 1989:60; Reutter, 1981:77).

Dit beteken nie dat hy die kind aan géén risiko's mag blootstel nie, maar dat hy wel alles in sy vermoë sal doen om soos 'n redelike persoon voorsorg teen beserings te tref (Beckmann, 1989:60; Fischer et al., 1987:59).

Die onderwyser moet altyd waaksaam en sorgsaam toesig hou oor die kinders, maar daar is minder en meer gevaarlike situasies. Wanneer kinders met gevaarlike masjinerie in werkswinkels werk, moet die onderwyser veral besonder sorgsaam optree (Beckmann, 1989:60; McKerron, 1971:249). Gauerke (1965:68) sê in dié verband dat die opgeleide onderwyser oor die nodige vaardighede en kennis behoort te beskik sodat hy oor die fisiese veiligheid van die kind, wat hom byvoorbeeld in 'n werkswinkel bevind, kan waak.

Indien daar dan te alle tye van 'n onderwyser verwag word om so verantwoordelik soos 'n sorgsame vader te moet optree, kan 'n mens jouself afvra wat presies van hom verwag word in die uitvoering van sy plig. Volgens Adams (1984:104) sal 'n hof elke tersaaklike saak wat voor die hof dien aan die redelike man-toets onderwerp en dan in die lig van al die omstandighede tot 'n uitspraak kom. Wille (1945:450) verduidelik die mate van toesig wat enige persoon aan 'n ander verskuldig is in enige gegewe situasie as die sorg wat 'n **diligens paterfamilias** of redelikerwys versigtige persoon in soortgelyke omstandighede sou lewer.

Die redelike man word beskryf as 'n persoon met gemiddelde talente en tekortkominge. Die persoon is nie noodwendig dom, begaafd, versigtig of onverskillig nie, maar beskik oor vermoëns wat tussen die uiterstes val (Van der Merwe en Olivier, 1989:129).

In en om die skool is daar vele situasies waarin leerlinge benadeel kan word. Soos blyk uit die hofsake wat later bespreek word (vgl. 2.8), verskil die hofuitsprake van geval tot geval, afhangend van die regsbeginsel wat ter sprake kom. Daarom is dit noodsaaklik dat elke onderwyser kennis behoort te dra van die basiese regsbeginsels wat in hierdie verband van toepassing is (Botha, 1994:77). Daar is sekere gemeenregtelike reëls wat veral verband hou met toesig en potensieel gevaarlike situasies (Bray et al., 1989:31).

Die redelike man (sorgsame onderwyser vir die doeleindes van die studie) beskik oor sekere kenmerke wat aan die hand van regspraak en wetgewing bepaal kan word (Beckmann, 1989:61). Hieraan word vervolgens aandag gegee.

**2.5.1.3 Die sorgsame onderwyser ken die kind en sy wese**

Die reg aanvaar dat die onderwyser professioneel opgelei is om met kinders te werk. Hierdeur word die onderwyser in staat gestel om die wese van die kind te ken (Beckmann, 1989:62). In die hofsaak **Transvaal Provincial Administration v Coley** 1925 AD 24 (vgl. 2.8) was dit die regter se uitgangspunt dat die redelike man die wese van die kind moes ken en moes besef het dat 'n hoop grond die natuurlikste speelplek vir 'n kind is. Daarom moes sulke skerp paaltjies nooit daar gelaat geword het nie. Verder word aanvaar dat die onderwyser se opleiding gerugsteun word deur ervaring in sy professie. Hiermee toegerus behoort die sorgsame onderwyser die fisieke asook die psigiese gevare waarin 'n kind moontlik kan beland, betyds te identifiseer en voorkomend op te tree (Prinsloo en Beckmann, 1987:124).

Onderwysers se kundigheid lê juis daarin dat hulle rekening moet hou met die feit dat kinders soms impulsief en "irrasioneel" kan optree (Fischer et al., 1987:58) (vgl. 2.5). Hierdie gegewenhede impliseer dat kinders nie 'n gevaarsituasie soos volwassenes kan antisipeer nie (Beckmann, 1989:62). Kinders is onversigtig, onnutsig en soms verspot. Gevolglik verwag die reg van 'n onderwyser dat hy daarmee rekening moet hou en betyds voorkomende maatreëls moet tref (Partington, 1984:66).

#### 2.5.1.4 Die sorgsame onderwyser is kundig en vaardig ten opsigte van die eise van sy beroep

Dit is baie belangrik dat 'n onderwyser oor die akademiese kennis van sy vak moet beskik maar dit is ewe noodsaaklik dat hy bewus sal wees van die veiligheidsaspekte asook vaardigheidseise in sy vakrigting om onnodige risiko's te vermy (Beckmann, 1989:62). Vir die werkswinkelonderwyser is 'n voorbeeld hiervan die hofsaak **Matteucci v High School District** # 208 (281 N.E.2 d 383 [111. App. 1972]) (vgl. 2.8.2). 'n Kind is beseer toe hy op 'n afvalstukkie hout gegly en na 'n lopende saaglem gegryp het. Dit was duidelik dat die onderwyser die gevaarvlak van risiko verhoog het deurdat hy nie alle veiligheidsmaatreëls nagekom het nie. Alhoewel alle elemente van gevaar nie ten volle uit die onderwys geweer kan word nie (veral nie in die geval van werkswinkels nie), behoort geen onderwyser op grond van onvoldoende toesig en beheer, onkunde of swak vaardigheid die gevaarvlak waaraan die kind blootgestel word, te verhoog nie (Beckmann, 1989:62).

#### 2.5.1.5 Die sorgsame onderwyser ken die gevare waaraan die kind blootgestel is

☐ **Gevaarlike voorwerpe en lokmiddels**

Volgens die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a: hfst. 13) moet daar in alle sentrums vir bedryfskennis, plaaswerktuigkunde, tegniese studierigtings en spesiale skole die volgende duidelik leesbare kennisgewing aangebring word: "GEEN MASJIEN MAG SONDER VERLOF VAN DIE ONDERWYSER GEBRUIK WORD NIE. LEERLINGE MAG NIE DIE KRAGTOEVOER NA DIE MASJIENE AANSKAKEL NIE".

Die onderwyser in 'n werkswinkel wat in beheer geplaas is van 'n verskeidenheid kragaangedrewe toerustings, behoort vanweë sy besondere kennis rakende die gevaarpotensiaal van die masjinerie en die aard van die aantrekkingskrag daarvan vir die kind besondere voorsorg te tref om enige moontlike skade of beserings by sy leerlinge te voorkom (Prinsloo, 1986:29). Die toepassing van die beginsel van sorgsaamheid in hierdie verband blyk duidelik uit die hofsake wat bespreek gaan word (vgl. 2.8).

☐ **Wanneer die kinders alleen in die werkswinkel gelaat moet word**

Indien dit sou gebeur dat die onderwyser sy leerlinge alleen moet laat in 'n werkswinkel, is daar bepaalde vereistes waaraan hy moet voldoen. Die onderwyser moet alle masjiengereedskap tot stilstand bring en die kragtoevoer afskakel. Leerlinge kan dan alleenlik

voortgaan met werk wat veilig sonder toesig gedoen kan word (Prinsloo en Beckmann, 1987:129; TOD, 1993a:52). Indien daar egter 'n té groot risiko bestaan dat leerlinge beseer sou kon word as die onderwyser die klas verlaat, behoort hy alternatiewe reëlings te tref eerder as om die kinders alleen te laat (Beckmann, 1989:65).

□ **Terreine waar daar verhoogde risiko's is**

Daar is 'n verskeidenheid terreine waaraan besondere gevare verbonde is, byvoorbeeld wanneer daar met iets wat self risiko's inhou, gewerk word (Hosten et al., 1979:509). Vir die belang van hierdie studie is dit noodsaaklik om kennis te neem dat alle werkswinkels die hoogste mate van toesig vereis (Beckmann, 1989:65).

#### 2.5.1.6 Die sorgsame onderwyser is nie onkundig oor die regsvoorskrifte wat sy beroep beheer nie

Dit is noodsaaklik dat die onderwyser ten volle op hoogte moet wees van die regsvoorskrifte rakende sy besondere vak. Kennis rakende die betrokke voorskrifte, verordeninge en regulasies op sy vakgebied, asook die onderwys in die breë, behoort sy handelinge te beheers (Credo, 1985:29 Beginsel 811; Beckmann, 1989:70).

#### 2.5.1.7 Die sorgsame onderwyser is nie nalatig nie

Die toets vir nalatigheid word later behandel (vgl.2.8.3). Indien dit sou blyk dat die onderwyser oor die nodige professionele toerusting en ondervinding beskik om 'n skadelike of nadelige gebeurlikheid te voorsien en te voorkom en hy het reg opgetree, kan hy nie van nalatigheid verwyt word nie. Derhalwe kan hy nie aanspreeklik gehou word vir enige skade, beserings of nadeel wat moontlik gely word nie (Beckmann, 1989:70).

## 2.6 DIE GEMEENREGTELIKE OPDRAG

Die gemene reg in Suid-Afrika is daardie deel van ons regstelsel wat nie op skrif gestel is soos dit die geval met ander wette is nie. Ons kan dit as oorgeërfde wetgewing beskou wat geskoei is op die Romeinse reg en die Romeins-Hollandse en Engelse regstelsel (Bray et al., 1989:4). Khan en Williams (1993:155) wys daarop dat ook die Australiese regstelsel geskoei is op die Engelse regstelsel. Dit bring mee dat daar groot ooreenstemming bestaan tussen genoemde lande se regsbeginsels en die toepassing daarvan in hofuitsprake.


Alhoewel die Romeins-Hollandse reg die basis vorm van die Suid-Afrikaanse regspraak, word dit nie net so onveranderd hier toegepas nie (Hosten en Bosman, 1979:233). Die regsbeginsels word op alle lewensterreine telkens op 'n unieke wyse toegepas. Wanneer dit op die onderwys toegepas word, word veral opvoedkundige beginsels in ag geneem (Van Wyk, 1986b:136). Binne die Suid-Afrikaanse onderwysreg bestaan daar 'n verskeidenheid van regsbeginsels. Die belangrikste regsbeginsels wat die gesagsposisie van die onderwyser uitlig, is onder andere die **in loco parentis**-beginsel en die **kwasie-judisiële** handeling (Oosthuizen, I.J. 1992:79). (Begrippe soos die redelike man-toets, gebou op die **diligens paterfamilias** en **bonus paterfamilias**, wat ook gemeenregtelike begrippe is, is reeds aangehaal onder 2.5.1.1 en 2.5.1.2). Eerstens word daar aandag gegee aan **in loco parentis**.

### 2.6.1 In loco parentis

Die sorgsame vader (**diligens paterfamilias**) sal sodanig optree dat die gesinslede vir wie hy verantwoordelik is, so ver dit binne sy vermoë is, veilig en onbenadeeld kan leef. Dit is presies dieselfde posisie waarin die onderwyser hom bevind met die kind wat onder sy sorg staan: hy bevind hom in werklikheid in die plek van hierdie vader (**in loco parentis**) (Oosthuizen en Bondesio, 1988:92). Die onderwyser is in effek vir elke kind 'n plaasvervangende ouer (Partington, 1984:54; Shoop en Dunklee, 1992:262). Genoemde posisie verleen aan die onderwyser 'n bevoegdheid en verpligting tot gesagshandhawing asook die verpligting tot sorgsame toesig vir die duur van die tyd wat die leerling aan sy sorg toevertrou is (Oosthuizen,I.J. 1992:80; Khan en Williams, 1993:157).

Die rol van die onderwyser as 'n **in loco parentis** kan soos volg skematies voorgestel word (Oosthuizen en Oosthuizen, 1994:47):

**Figuur 2.1 Die onderwyser as 'n in *loco parentis***



In die geval waar die leerling onder die onderwyser se toesig staan, is hy ook onder die gesag van die onderwyser net soos ten opsigte van sy ouer. Van regsweë word daar van die onderwyser verwag om billik op te tree in sy besondere kapasiteit (Barrell en Partington, 1985:438). Hierdie situasie word in Latyn beskryf as **in loco parentis** en beteken letterlik "in die plek van die ouer". Hierdie gesagsverhouding is baie deeglik deur ons gemene reg as 'n beginsel gegrondves (Beckmann, 1989:52,53; Fuchs, 1971:357,439).

Die "**in loco parentis**-verhouding" tussen onderwyser en leerling is klaarblyklik 'n besondere verhouding. Dit bring mee dat daar 'n regsplig op 'n onderwyser rus om sorgsaam toesig te hou oor onder andere die fisieke welsyn van die leerling (Botha, 1994:77; Fischer et al., 1987:59).

Indien die leerling onder die toesig van die onderwyser verkeer, moet laasgenoemde sorgsaam na die fisieke en psigiese welsyn van die kind omsien. Dit bring mee dat hy alle moontlike voorsorgmaatreëls in werking moet stel om enige vorm van benadeling of skade wat hy redelikerwys kan voorsien rakende die kind te voorkom (Beckmann, 1989:71).

Indien 'n onderwyser soos 'n verantwoordelike en sorgsame vader moet optree, kan 'n mens jouself die vraag afvra wat dan presies van hom verwag word (vgl. die siening van die redelike man 2.5). Volgens Adams (1984:104) sal die hof elke relevante saak wat voorkom, aan die redelike man-toets onderwerp en in die lig van alle omstandighede tot 'n uitspraak kom.

Groter sorgvuldigheid as in gewone omstandighede word geverg waar iemand werk met goed wat op sigself gevaarlik is, soos masjinerie in werkswinkels (Fischer et al., 1987:59).

### 2.6.2 Kwasie-judisiële bevoegdheid

Kwasie-judisiële bevoegdheid verwys wat die onderwys betref na die bevoegdheid van die onderwyser om sy eie diskresie te gebruik binne die grense van die reg wat aan hom toegeken is. Verder behoort hy met die nodige inagneming van die omstandighede wat 'n betrokke situasie belig, besluite te neem en stappe te doen wat die regte en voorregte van die leerling direk positief mag raak. Dit moet egter te alle tye 'n regverdige optrede wees (Oosthuizen,I.J. 1992:81).

Genoemde oordeel en optrede is nie 'n regsprekende handeling nie omdat die onderwyser nie 'n landdros of regter is nie en dit ook nie binne 'n hof plaasvind nie.

Die onderwyser het byvoorbeeld die reg om die volgende bsluite te neem (Oosthuizen,I.J. 1992:81):

- of 'n leerling skuldig is aan wangedrag of 'n oortreding,
- of die verskoning wat 'n leerling aanvoer vir sy oortreding aanvaarbaar is,
- of die leerling net vermaan of gestraf behoort te word, en watter vorm die straf behoort aan te neem.

Die volgende reëls vorm die juridiese grondslag van natuurlike geregtigheid (Wiechers, 1984:237,243; Bray, 1988:64):

- Wanneer 'n onderwyser se uitoefening van sy diskresie 'n leerling se regte, voorregte of vryheid in gedrang bring, moet die kind die geleentheid kry om sy kant van die saak te stel (audi alteram partem).
- Enige tersaaklike feite en oorwegings wat die kind in die betrokke saak mag benadeel, moet aan hom gestel word sodat hy hom daarteen kan verweer. Feite waarvan hy redelikerwys kennis behoort te dra hoef nie weer aan hom voorgehou te word nie.
- Die onderwyser behoort die redes te verstrek vir die besluite wat hy neem.
- Die onderwyser mag nie bevooroordeeld wees in die uitoefening van sy diskresie nie.

## 2.7 DIE STATUTÊRE OPDRAG[1]

Wetgewing of statutêre reg word ook "wettereg" genoem (Oosthuizen en Bondesio, 1988:21). Die statutêre opdrag aan die onderwyser impliseer dus die opdrag wat hy moet nakom soos wat dit neergelê is in die wette en regulasies van die betrokke instansie.

Wetgewing is 'n handeling van wette (en ander verordende reëls) wat op verskillende vlakke en deur verskeie wetgewende liggame uitgevaardig word. Wetgewing is die

1 Die klassifikasie van wetgewing wat hierna volg is soos dit gegeld het op 31 Desember 1993 in die R.S.A. en soos uiteengesit in Oosthuizen en Oosthuizen (1994:21).

belangrikste bron van die onderwysreg (Oosthuizen,1990:5,6). Sekere wette, regulasies en departementele beleidstukke speel 'n baie groot rol binne die besluitnemingsruimte van die onderwysbestuur (PU vir CHO,1988:3).

Die bronne in die onderwysreg kan soos volg voorgestel word (Oosthuizen en Oosthuizen, 1994:21):

**Figuur 2.2 Die bronne in die onderwysreg**

**Wetgewing**

- Parlementêre wetgewing
  - ¤ Algemene wetgewing
  - ¤ Onderwyswetgewing
- Ondergeskikte wetgewing
  - ¤ Tweedevlakwetgewing (bv regulasies, proklamasies)
  - ¤ Derdevlakwetgewing (bv skoolreëls)

**Gemene reg** (bv reëls van natuurlike geregtigheid, in **loco parentis**)

**Regspraak**

### 2.7.1 Wetgewing op nasionale vlak

Verskeie wette is op verskillende tye deur die parlement afgekondig wat 'n duidelike grondplan vir die Suid-Afrikaanse onderwyssituasie daargestel het; vgl. die Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 73 van 1969; die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, no. 76 van 1984, en die Wet op Onderwysaangeleenthede, no. 70 van 1988) (Oosthuizen en Bondesio, 1988:22; Scott en Beckmann, 1988:65).

Prinsloo en Beckmann (1987:129) wys daarop dat die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid (Wet 6 van 1983) asook die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) deeglik in aanmerking geneem moet word met betrekking tot werkswinkelveiligheid en beroepsgesondheid. Alhoewel dit persele uitsluit wat uitsluitlik aangewend word vir onderrig en opleiding vir primêre, sekondêre of tersiêre opvoedkundige inrigtings, strook die basiese vereistes met betrekking tot beroepsveiligheid met die voorsorgmaatreëls wat deur die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a)

voorgeskryf word. Die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid asook die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid is onder andere daarop gemik om voorsiening te maak vir die doeltreffendheid van maatreëls om die gesondheid en veiligheid van persone by 'n werkplek of in die loop van hul diens of in verband met die gebruik van masjinerie te verseker.

### 2.7.2 Wetgewing op provinsiale vlak

Soos wat provinsiale regerings huidiglik daar uitsien, is die administrateur by magte om proklamasies wat die onderwys raak uit te vaardig. Regulasies wat binne die rekwydte van eerstevlakwetgewing val, kan deur die verskillende ministers van onderwys opgestel word, terwyl beleidstukke soos handleidings vir skoolorganisasie, omsendbriewe en omsendminute verfyning van regulasies is wat deur die verskillende direkteure van onderwys hanteer word (Oosthuizen, I.J. 1992:79).

'n Voorbeeld van wetgewing op hierdie vlak is die Handleiding vir algemene skoolorganisasie hoofstuk 13 (TOD, 1993a). Hierin word in besonder gewys op die verhoogde gevare in onder andere die werkswinkels, met spesifieke verwysing na alle voorskrifte in hoofstuk 13 (veiligheid van leerlinge). Daar word vermeld dat geen masjien sonder die nodige lemskerm gebruik mag word nie en dat geen afvalmateriaal op die vloer mag rondlê nie.

'n Toepaslike aanbeveling in TOD omsendbrief 19 (1993b:14) lui dat skole versekering behoort uit te neem in verband met openbare aanspreeklikheid wat sodoende as voorsorgmaatreël kan dien om 'n skool te vrywaar van eise. Versekering behoort egter nooit die skool te vrywaar van die gewetensverantwoordelikheid om kinders te koester en veilig te versorg nie.

#### 2.7.2.1 Samevattende veiligheidsmaatreëls vir werkswinkels

Die volgende samevattende reëls uit die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a:13.5.7) dien as algemene veiligheidsmaatreëls by werkswinkels:

- Alle gereedskap en masjinerie moet korrek gebruik en in stand gehou word.
- Werkswinkels se vloere moet so ver moontlik altyd sonder afvalmateriaal en versperrings gehou word.
- Onnodige samedromming rondom masjiene moet voorkom word.
- Leerlinge behoort nooit sonder toesig in 'n werkswinkel gelaat te word nie.

- Leerlinge moet altyd die korrekte skutkleding en toerusting dra en gebruik.
- Alle bewegende masjiendele moet voldoende met skerms bedek wees en leerlinge moet volledig ingelig wees oor die veiligheidsaspekte en werking daarvan.
- 'n Kennisgewing wat lui dat geen masjien sonder die verlof van die onderwyser gebruik mag word of die kragtoevoer daarvan aangeskakel mag word nie, moet duidelik leesbaar in die werkswinkel vertoon word.
- Geskrewe veiligheidsaanwysings moet by die masjien voorsien word.
- Masjienspoed mag nie bo die aangeduide vermoë aangepas word nie.
- Masjiengereedskap mag nie onopgepas gelaat word terwyl dit in werking is nie.
- Na gebruik moet masjiene deur die operateur skoongemaak word.
- Alle sentrums moet van geskikte brandblussers voorsien wees.

Die onderwyser moet vertroud wees met die regsvoorskrifte wat op sy vak van toepassing is. Dit word ook deur die appèlhof onderskryf naamlik dat wanneer 'n persoon hom op 'n besondere gebied begeef, hy homself deeglik moet vergewis van alle betrokke regsvoorskrifte. Indien hy sou versuim om dit na te kom en sy versuim is die oorsaak van skade, mag rekenskap van hom vereis word (Prinsloo en Beckmann, 1987:119; Loots, 1992:33).

Die Nasionale Beroepsveiligheidsvereniging (NOSA) wys daarop dat ongelukke veroorsaak word deur die onveilige handelinge van mense en werksfaktore, naamlik die fisies onveilige toestande waarin die betrokkenes hul bevind. 'n Ongeluk kan beskryf word as 'n ongewenste gebeurtenis wat dikwels veroorsaak is deur 'n menslike handeling. In die meeste gevalle het dit 'n fisieke besering of die beskadiging van eiendom tot gevolg . In Suid-Afrika word jaarliks 300 000 mense by die werk beseer (NOSA, 1987:6,7). Dit kan gewoonlik toegeskryf word aan een of ander leemte in die bestuurstelsel, en kan net sowel van toepassing wees op die bestuur- en beheerstelsel van 'n skool (Prinsloo en Beckmann, 1987:129). Om hierdie ontstellende moontlikheid te ondervang behoort die onderwyser die beginsels van toesighouding en die inhoud van die NOSA-kursus nougeset toe te pas in sy werkswinkel.

#### 2.7.2.2 Algemene prosedures wat gevolg moet word in geval van 'n leerlingbesering (TOD, 1993a: hfst. 13.1)

As 'n kind op die skoolterrein beseer word, moet die hoof:

- in verbinding tree met die kind se ouers;
- reëlings tref vir die verskaffing van mediese hulp by 'n geneesheer, tuis of by 'n hospitaal;

- 'n volledige verslag hou van die besering;
- 'n verslag oor die gebeurtenis voorlê aan die Departement of ander Bestuursliggaam met volledige verklarings van ooggetuies;
- 'n afskrif verskaf aan die Superintendent van Onderwys vir voorlegging aan die Departement of Bestuursliggaam vir hul inligting of ondersoek indien nodig.

Dit is die reg se uitgangspunt dat mits daar geen nalatigheid aan die kant van die onderwyser is nie, nóg die betrokke onderwyser nóg die skoolowerheid aanspreeklik is vir skade.

**2.7.2.3 Algemene voorsorgmaatreëls ter voorkoming van ongelukke in skole**

Daar moet by 'n skool 'n doeltreffende veiligheidsprogram bestaan wat die volgende maatreëls insluit (TOD, 1993a: hfst. 13):

- 'n Duidelik omlynde beleid ten opsigte van veiligheid moet opgestel word.
- Hierdie beleid moet uitgevoer word in alle afdelings waar moontlike gevare mag voorkom.
- Voorligting aan onderwysers en leerlinge ten opsigte van veiligheidsbeginsels moet gegee word.
- Doeltreffende dissiplinêre stappe by die opsetlike oortreding van veiligheidsreëls moet toegepas word.
- Onveilige toestande moet geïdentifiseer word en die nodige veiligheidsmaatreëls moet onmiddellik getref word.
- Daar moet 'n noukeurige rekordering van alle skoolongelukke wees om herhaling te voorkom.

**2.7.2.4 Aanstelling van veiligheidsverteenwoordigers en -komitees**

Volgens die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (1993:79) word daar voorsiening gemaak vir die implementering van die Wet op Masjiene en Beroepsveiligheid (Wet 6 van 1983) soos aangevul in die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (85 van 1993). In hierdie wet word riglyne gegee rakende:

- die aanstelling van veiligheids- en gesondheidsverteenwoordigers vir werksplekke waar daar met masjinerie gewerk word;
- die funksies van die veiligheidsverteenwoordigers, naamlik om die werkplek te inspekteer met die oog op die veiligheid daarvan, minstens een keer per maand;

- die aanstelling van veiligheidskomitees en bepaling van die werkswyses van die komitees (vergaderings moet minstens een keer elke drie maande gehou word);
- die funksies van die komitees, naamlik aanbevelings rakende persoonsveiligheid en aanmelding van voorvalle.

Leighton (1992:160) wys daarop dat ongeluksvoorkoming by skole al belangriker word. Dit is ook om hierdie rede dat 'n veiligheidsbeleid gevolg behoort te word en veiligheidsverteenwoordigers aangestel moet word. Sy beklemtoon die noodsaaklikheid dat effektiewe veiligheidsopleiding gedoen behoort te word en dat daar 'n veiligheidsbewustheid gekweek moet word by alle betrokkenes.

Die voorkoming of vermindering van beserings op die skoolterrein vereis dat elke onderwyser en elke leerling daadwerklik by 'n veiligheidsbewustheidsprogram betrokke moet raak (TOD, 1993b:1).

## 2.8 DIE REGSPREKENDE OPDRAG

Hofbeslissings wat in die verlede in Suid-Afrika gemaak is, vorm 'n belangrike kenbron van ons reg. Gemene regsbeginsels en onderwyswette waarvan melding gemaak is in 2.6.1 en 2.6.2 word telkens in hofbeslissings bekragtig (Oosthuizen, I.J. 1992:82; Van Wyk, 1986a:136).

Soos gemeld in 2.6 is die Suid-Afrikaanse regstelsel oorgeërf uit die Romeins-Hollandse en Engelse regstelsels. In baie gevalle geld dieselfde basiese regsbeginsels wat hier in Suid-Afrika van toepassing is ook in Engeland en Amerika (Van Wyk, 1986a:130). Die rol van die onderwyser as 'n plaasvervangende ouer is in Engeland vir die eerste keer omskryf in die saak **Williams v Eady** (1893) (Adams, 1984:102).

### 2.8.1 Engelse regspraak

In die saak **Williams v Eady** (1893) (Adams, 1984 : 102) het dit gegaan om 'n privaatskool in Surrey waar sporttoerusting saam met 'n klomp ou bottels gestoor is. Die betrokke klaskamer was permanent gesluit maar die kinders kon die sleutel maklik bekom om sodoende toegang daartoe te verkry. Een van die seuns het 'n bottel met fosfor in die hande gekry, 'n vuurhoutjie getrek, daarin gegooi en die bottel geskud. Die bottel het ontplof en Kennith Williams het ernstige brandwonde opgedoen. In die hofuitspraak is die skool skuldig bevind aan nalatigheid. Dit is egter nie as gevolg van

die nalatigheidsbeslissing van die hof dat hierdie saak bekendheid verwerf het nie, maar omdat dit die eerste saak was waar 'n hof uitspraak gelewer het oor die pligte en verantwoordelikhede wat onderwysers het teenoor hulle leerlinge.

Volgens die uitspraak van die regter was daar nie 'n beter omskrywing van die pligte van 'n onderwyser as om dit te vergelyk met dié van 'n sorgsame vader nie. Die onderwyser was daartoe verbind om op sodanige wyse om te sien na die welvaart van die leerlinge onder sy sorg as wat 'n behoedende, versigtige, sorgsame vader na die welvaart van sy eie seuns sou omsien (Adams, 1984:103; Khan en Williams, 1993:155).

Hierdie siening word tot vandag nog gehuldig, nie slegs in Engeland nie, maar ook in die Amerikaanse regstelsel.

**2.8.2 Amerikaanse regspraak**

Die volgende twee sake het in Amerika voorgekom, waar dieselfde algemene regsbeginsels geld, naamlik dat selfs nadat nalatigheid bewys is dit nog steeds onomwonde bewys moet word dat die nalatigheid van die onderwyser die oorsaak was van die leerling se besering. Dit bring die kwessie van voorsienbaarheid na vore wat as essensiële begrip die hele kwessie van nalatigheid uitlig (Strahan en Turner, 1987: 159).

Die aanspreeklikheid van die werkswinkelonderwyser word geïllustreer deur die saak **Matteucci v High School District #** 208 (281 N.E. 2 d 383 [III. App. 1972]). (Strahan en Turner, 1987: 162). 'n 14-jarige seun het die skool gedagvaar nadat hy beseer is deur 'n saag in die werkswinkel wat sonder die nodige skerm om die saaglem gebruik is. Die leerling het gegly op saagsels langs die tafel en in 'n poging om nie te val nie, gegryp na die lopende saaglem en homself ernstig beseer. Die hof het die onderwyser **aanspreeklik** gevind deurdat hy versuim het om 'n skerm om die saaglem te plaas asook deur toe te laat dat daar soveel saagsels op die vloer naby die saag ophoop.

In 'n meer onlangse geval van **McKnight v Philadelphia** (455 A. 2 d 778 [Penn. 1982]) het iets soortgelyks gebeur. Hier het 'n graad II - hoërskoolleerling 'n rolsaag gebruik om stroke hout te saag, toe hy die vinger van sy een hand afsaag. Die skerm van die saag is vroeër die semester deur die onderwyser afgehaal en nooit weer teruggesit nie. Die appélhof het die uitslag van die verhoorhof bevestig wat bevind het dat die onderwyser nalatig was en die bedrag van $95,000 is aan die seun toegestaan (Strahan en Turner, 1987:163).

Pasgenoemde sake aksentueer die noodsaaklikheid van sorgsame toesighouding wat te alle tye vir veral die werkswinkelonderwyser geld ten opsigte van leerlingveiligheid.

Die siening dat 'n ongeluk voorsienbaar en voorkombaar behoort te wees, word nie slegs in Amerika en Engeland gehuldig nie, maar ook in Suid-Afrika.

### 2.8.3 Suid-Afrikaanse regspraak

Die toets vir nalatigheid vind 'n gesaghebbende formulering in die volgende dictum van appélregter Holmes in **Kruger v Coetzee** (1966(2) SA 428 A p. 430):

"For the purposes of liability **culpa** arises if -

(a) a **diligent paterfamilias** in the position of the defendant -

(i) would foresee the reasonable possibility of his conduct injuring another in his person on property and causing him patrimonial loss; and

(ii) would take reasonable steps to guard against such occurence; and

(b) the defendant failed to take such steps".

Dit blyk dat daar geen aangetekende hofsaak in Suid-Afrika is waar 'n kind spesifiek in 'n werkswinkel beseer is nie, maar beslissings in Suid-Afrikaanse howe wat oor opvoedende onderwys gehandel het, kan as kenbron van die geldende onderwysreg dien (Oosthuizen, I.J. 1992 : 82).

□ **Rusere v The Jesuit Fathers 1970 4 SA 537 (RSC)**

Volgens die feite van hierdie saak het Rusere 'n eis teen die Jesuit Fathers ingestel wat verantwoordelik was vir die beheer en kontrole by die sendingskool. Op dié betrokke dag is 'n 8-jarige seuntjie wat saam met sy maats "cowboys en indians" gespeel het, op 'n kort afstand met 'n graspyltjie in sy regteroog getref. Ten spyte van onmiddellike mediese hulp wat op hom toegepas is, het hy die gebruik van sy oog permanent verloor. Die eiser het aangevoer dat die onderwysers nie voldoende en sorgsaam genoeg toesig gehou het nie en sodoende deur hulle nalatigheid bygedra het tot die ongeluk.

Belangrike feite uit die hofstuk toon dat die leerlinge voorheen gereeld gewaarsku was teen gevaarlike speletjies en dat paslike reëls daarvoor gegeld het. Die koshuispersoneel en prefekte was beskikbaar ten tye van die ongeluk en die speelterrein was nie 'n potensieel gevaarlike terrein soos byvoorbeeld 'n swembad nie. Die regter het alle feite oorweeg en die Jesuit Fathers onskuldig bevind op die aanklagte van ontoereikende toesig. Ingevolge die uitspraak het die personeel van die skool dus opgetree soos wat 'n sorgsame vader teenoor sy kinders sou optree **(diligens paterfamilias)** en het hulle ook voldoen aan die vereistes van die redelike man-toets.

Die belangrikheid van die regsbeginsel wat in hierdie saak ter sprake gekom het, is dat dit dien as 'n waardevolle riglyn om die mate van toesig wat van 'n onderwyser verwag word, te bepaal (Bray et al., 1989:33).

Die werkswinkelonderwyser bevind hom in die daaglikse uitvoering van sy onderwystaak op 'n potensieel gevaarlike terrein vir leerlinge. Daarom mag kinders nooit so op hulle gemak in 'n werkswinkel raak dat die gevaarsituasie vir hulle daardeur verminder nie. Die mate van toesig wat vir die werkswinkelonderwyser geld, is inderdaad hoër as wat vir 'n onderwyser geld wat nie in 'n werkswinkel sy opvoedende onderrigtaak vervul nie.

Ter illustrasie van wat die reg verwag van sorgsame toesig word die volgende hofsaak bespreek (vgl. Wille, 1945:450).

□ **Transvaal Provincial Administration v Coley 1925 AD 24**

Volgens die feite het 'n 6-jarige dogtertjie op die betrokke dag haar oog ernstig beseer nadat sy op 'n skerp houtpaaltjie geval het. Enid Coley het vroeër as haar ouer suster uit die skool gekom en op die speelgrond vir haar gaan wag. Die administrasie het twee jaar vantevore boompies op die terrein geplant en hulle met houtpaaltjies - waarvan die bopunte skerp was - beskerm. Enid het op 'n grondhoop langs een van die boompies gespeel. Sy het haar balans verloor en op 'n paaltjie geval waartydens sy 'n oogbesering opgedoen het. Die eiser het aangevoer dat die onderwysowerhede nalatig was om die paaltjies op 'n speelterrein van klein kindertjies vir so 'n lang tyd te laat staan.

Nadat die administrasie teen die aanvanklike hofuitspraak geappelleer het, het die regters die onderwysowerhede skuldig bevind. In hul hofuitspraak is bevind dat die skoolhoof nie soos 'n redelike man opgetree het nie. Alhoewel sy vroeër as haar suster uitgekom het, was die kind nog steeds onder die sorgsame toesig van die onderwysers. Die

**redelike man** moes kon voorsien het dat die houtpaaltjies langs die hoop grond 'n potensiële gevaar vir die kinders inhou en dit derhalwe betyds verwyder het. By die versuim hiervan was die onderwysowerhede nalatig in hul optrede (vgl. Reutter 1981:77).

Die belangrikste regsbeginsels wat tydens die saak toegepas is, is die hoë mate van sorgsame toesig wat van die onderwyser verwag word wat gelyk gestel kan word aan dié van die ouer, asook die mate van **voorsienbaarheid** en **voorkombaarheid** wat van **professionele** persone soos onderwysers verwag word (vgl. Bray et al., 1989:41).

Die hoë mate van risiko wat 'n werkswinkel vir die leerlinge inhou, behoort deur die professionele opvoeder te alle tye en in alle situasies voorsien en voorkom te word deur deeglike werkswinkelbestuur en nakoming van wetlike aspekte.

Om die redelike man-toets te illustreer word daar vervolgens na die Knouwds-saak verwys.

□ **Knouwds v Administrateur, Kaap 1981 1 SA 544 (K)**

'n 8-Jarige dogtertjie, Ester Louw, is op dié betrokke dag te Kraaifontein deur 'n skool se grasmasjien sodanig beseer dat haar vinger afgesit moes word. Sy en 'n vriendin het voor skool resies gehardloop waarop Ester gestamp en teen die grassnyer geval het. Op daardie oomblik was die masjien onbewaak en het die kind se vinger in die waaierband beland. Die eiser het aangevoer dat die skoolhoof, die opsigter en die arbeider nalatig was.

Nadat die regter alle feite aangehoor het, is die relevante regsbeginsels, naamlik of die betrokke persone soos 'n redelike man opgetree het, oorweeg. Volgens die regter sou die **redelike persoon** in hierdie bepaalde omstandighede wel die moontlikheid van beserings by sulke jong kindertjies **voorsien** het en derhalwe ook **voorkomend** opgetree het.

Die skoolhoof moes dus die **gevaarlikheid** van die tipe **masjien** voorsien het en die nodige voorsorg getref het, veral omdat dit in gebruik was tussen jong, impulsiewe, onvoorspelbare, onverantwoordelike kinders. Die beskuldigdes het versuim om sodanig op te tree en is aan nalatigheid skuldig bevind.

Die toepassingswaarde van die redelike man-toets vir die werkswinkelonderwyser is dat dit die kwessie van sorgsame toesig asook voorsienbaarheid en voorkombaarheid be-

klemtoon. Van deurslaggewende belang vir die howe is dat die onderwyser in staat moet wees om 'n potensieel gevaarlike situasie te kan antisipeer vanweë sy professionele opleiding. Hiermee saam speel die ouderdom van die kind net so 'n belangrike rol (Reutter, 1981:77).

In 'n meer onlangse hofsaak van **S v Chipinge Rural Council** 1989 (2) SA 342 het 'n 12-jarige meisie in 'n munisipale swembad verdrink. Die "rural council" is van nalatigheid aangekla omdat daar geen toesig van 'n aard by die swembad was nie. Van belang hier is die hofuitspraak, wat die hele kwessie van sorgsaamheid en nalatigheid soos volg saamvat (S v Chipinge Rural Council 1989 (2) SA 342 p.346):

Die mate van toesig, sorgsaamheid en waaksaamheid wat in elke geval uitgeoefen word, behoort redelikerwys voldoende en toereikend te wees. Daar moet rekening gehou word met 'n persoon se eie vermoë om na homself om te sien. Kinders het volgens die regter se uitspraak 'n erkende geneigdheid om impulsief en soms irrasioneel op te tree (vgl. ook Fischer et al., 1987: 58). Dit is daarom soveel te meer noodsaaklik om na hulle veiligheid om te sien às wat dit die geval by volwassenes is.

Die plaaslike bestuur het in gebreke gebly om voldoende stappe teen 'n moontlike verdrinking te doen, wat redelikerwys voorsienbaar was. Om hierdie rede was hulle optrede nalatig.

Volgens Fischer et al., (1987 : 59) is die sorgsaamheidsplig van die onderwyser soveel groter wanneer die kind in 'n gevaarlike situasie werk, soos byvoorbeeld in 'n wetenskap-laboratorium of 'n werkswinkel. Die werkswinkelonderwyser moet dus in sy opvoedende onderwys voorsiening maak vir die howe se standpunt dat kinders soms impulsief en irrasioneel kan optree en dat daar gevolglik met groter sorg na hul handelinge omgesien moet word.

Daar word vervolgens aandag verleen aan sekere sake wat tydens 'n verhoor ter sprake kom om te bepaal of 'n persoon aanspreeklik gehou moet word vir die gelede skade al dan nie.

## 2.9 DIE ELEMENTE VAN AANSPREEKLIKHEID

Die onderwyser se aanspreeklikheid met betrekking tot sy sorgsaamheidsplig kom normaalweg ter sprake wanneer daar persoonlikheidsnadeel of vermoënskade berokken is

aan 'n leerling wat onder sy toesig was, weens die optrede of versuim van die onderwyser. Hy behoort onder sekere omstandighede die skade of nadeel te voorsien en te voorkom het (Beckmann, 1989:52).

Die reg vereis 'n hoër mate van sorgsaamheid teenoor kinders as teenoor volwassenes. Volgens De Villiers (1982:18) rus daar 'n besondere plig van waaksaamheid op diegene wat met kinders werk.

Volgens Botha (1994:75) het die begrip onderwysersaanspreek-likheid eerder met die verpligtinge-kant as die regte-kant van die regsposisie van die onderwyser te make. Soos wat die Suid-Afrikaanse reg tans daar uitsien, kan 'n onderwyser alleen aanspreeklik gehou word vir die gelede skade indien die regsplig van **bonus paterfamilias** op hom gerus het en hy dit op 'n onredelike en skuldige wyse nie nagekom het nie. In sekere gevalle het die onderwyser 'n sorgsaamheidsplig teenoor die leerlinge en het die leerlinge ook die reg om beskerm te word.

Volgens Fischer et al. (1987:57,74) kan 'n onderwyser alleenlik aanspreeklik gehou word vir 'n leerling se besering of skade indien die volgende vier punte bewys kan word:

- Die onderwyser moes 'n plig en verantwoordelikheid jeens die kinders gehad het dat hulle nie skade ly of beseer word nie.
- Die onderwyser moes gefaal het om sodanige plig na te kom.
- Die onderwyser se nalatigheid moes die oorsaak van die skade gewees het.
- Die leerling moes beslis skade gely het as gevolg van die nalatige optrede.

Daar is baie duidelike omskrywings of elemente wat sogenaamde onregmatige optrede bepaal voordat dit as 'n onregmatige daad of 'n delik aangemerk kan word ten einde aanspreeklikheid te vestig. Aangesien Neethling as 'n hoogaangeskrewe kenner op die gebied van deliktereg beskou word, sal daar redelik swaar op sy opinie gesteun word met die behandeling van die elemente van aanspreeklikheid. Volgens Neethling et al. (1992:4) en McKerron (1971:1) kan 'n delik omskryf word as 'n handeling van 'n persoon wat op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel veroorsaak aan 'n ander.

Van Rensburg (1972:1) benadruk dit dat al vyf tradisioneel erkende elemente van aanspreeklikheid, te wete skuld, oorsaaklikheid, nadeel, onregmatigheid en handeling aanwesig moet wees alvorens daar sprake van deliktuele aanspreeklikheid kan wees. Dit

beteken dat indien enige een van die elemente ontbreek daar geen sprake van deliktuele aanspreeklikheid is nie (Wille, 1945:449).

Vervolgens word die vyf elemente vir deliktuele aanspreeklikheid ontleed:

### 2.9.1 Handeling

Alvorens 'n persoon enigsins skade aan 'n ander kon berokken het, moes hy verantwoordelik gewees het vir iets wat gebeur het. Derhalwe moes hy een of ander vorm van 'n gedragshandeling verrig het. Van der Merwe en Olivier (1989:25) voeg verder nog 'n kwalifikasie by hierdie handeling, naamlik dat dit 'n willekeurige menslike doen of late moet wees.

Volgens Neethling et al. (1992:23,24) het handeling die volgende kenmerke:

- Slegs die handelswyse van 'n mens kan as 'n handeling beskou word. Dit staan in skerp teenstelling met die handelswyse van 'n dier. Indien die mens in beheer van 'n dier se handelswyse staan, bly daar steeds sprake van 'n menslike gedraging.
- Alleenlik wanneer die mens oor die geestelike vermoë beskik om in beheer te wees van sy liggaamsbewegings kan sy gedraging as willekeurig beskou word.
- 'n Handeling kan beskryf word as 'n fisiese aktiwiteit wat gedoen is of as iets wat nie gedoen is nie ('n doen of late).

Alhoewel die verskille tussen bogenoemde begrippe nie oorbeklemtoon hoef te word nie, wys Neethling et al. (1992:29) daarop dat dit minder dikwels gebeur dat aanspreeklikheid weens 'n late beslis word. Dit is nie altyd so maklik om die verskil tussen 'n doen en 'n late te onderskei nie.

In die geval waar aanspreeklikheid weens 'n late ontstaan, moes daar in die besondere omstandighede sprake van 'n kontraktuele ooreenkoms of 'n regsplig op die dader gerus het om die intrede van skade te kon verhoed het (Neethling et al., 1992:51,52). Volgens Botha (1994:76) is verskeie skrywers dit eens dat daar wel 'n regsplig op die onderwyser jeens die kind rus betreffende sy veiligheid.

By 'n late kan dus gesê word dat wanneer 'n persoon iets nie gedoen het nie of selfs niks gedoen het nie of nagelaat het om iets te doen dit juis die oorsaak was van 'n bepaalde ongeluk.

Bogenoemde omskrywing van 'n late kan aan die hand van die uitspraak van die saak **Matteucci v High School District** # 208 (281 N.E. 2 d 383 [III. App. 1972]) verduidelik en getoets word. Hierdie hofsaak word volledig onder 2.8.2 bespreek. Dit handel kortliks oor 'n 14-jarige seun wat in 'n werkswinkel op saagsels gegly en in 'n poging om sy val te stuit, na 'n lopende saaglem gegryp het. Die saag het nie die nodige skerm om die lem gehad nie, en die leerling is ernstig beseer.

Die hof het die onderwyser aanspreeklik gevind vir skade wat aan die leerling berokken is omdat hy verantwoordelik was vir dit wat in die werkswinkel gebeur het. Die gedraging van die onderwyser was 'n willekeurige menslike handeling (in die vorm van 'n versuim), naamlik dat die saag sonder die nodige skerm gebruik is. Dit impliseer nie dat die onderwyser die berokkende skade willekeurig begeer het nie, maar dat hy in beginsel wel in staat was om 'n skerm om die saaglem te geplaas het. Gevolglik is die versuim om die masjien te beveilig 'n nalatige handeling wat die uitoefening van beheer oor 'n gevaarlike voorwerp betref. Op grond van die regsplig wat op hom gerus en wat hy verbreek het asook sy professionele opleiding en ervaring moes die onderwyser die risiko en gevaar voorsien en besef het.

### 2.9.2 Onregmatigheid

Indien 'n persoon deur die handeling van 'n ander persoon benadeel is, is dít volgens Neethling et al. (1992:31,32) steeds nie voldoende rede vir deliktuele aanspreeklikheid nie. Benadeling moes minstens op 'n ongeoorloofde of onregmatige wyse geskied het (Wille, 1945:445; McKerron, 1971:47).

Om te bepaal of 'n persoon se optrede inderdaad onregmatig was, word daar tweeledig na die saak gekyk: Eerstens moet bepaal word of die benadeelde onteenseglik feitelik benadeel is (met ander woorde of 'n regserkende individuele belang waarlik aangetas is). Om hierdie vraag te probeer be- antwoord word daar normaalweg 'n ondersoek met behulp van getuienis na alle tersaaklike feite geloods (Neethling et al., 1992:31).

Tweedens moet daar vasgestel word of die nadeel op 'n ongeoorloofde wyse geskied het. Om tot so 'n gevolgtrekking te kom word gekyk na die opvatting of die norm wat in die gemeenskap geld en of dit verbreek is. Dit gaan daarom dat albei partye se tersaaklike botsende belange en motiewe teen mekaar opgeweeg word. Die regsopvatting van die gemeenskap dien as 'n belangrike norm in die reg maar word eintlik aanvullend tot bestaande regsreëls en die feit dat 'n persoon feitelik benadeel is, aangewend (Neethling et al., 1992:31-35).

Volgens Neethling et al. (1992:143) behoort die redelikheidsmaatstaf wat by onregmatigheid aangelê word, die handeling te beoordeel in die lig van alle tersaaklike omstandighede wat aanwesig was asook al die gevolge wat werklik ingetree het.

Nie alle benadeling is noodwendig onregmatige benadeling nie. Indien 'n onderwyser 'n leerling matig sou tug weens 'n bepaalde oortreding, kom dit op feitelike benadeling neer wat nie noodwendig onregmatig is nie. Die onderwyser se optrede word geregverdig op grond van 'n regverdigingsgrond, naamlik tugbevoegdheid (vgl. Botha, 1994:79; Neethling et al., 1992:102; Oosthuizen en Bondesio, 1988:73).

### 2.9.2.1 Wanneer is daar sprake van onregmatigheid?

Volgens Botha (1994:79) kan iemand se gedrag normaalweg as onregmatig bestempel word indien 'n regsplig sonder enige regverdiging verbreek word. In watter gevalle of onder watter omstandighede rus volgens regsweë 'n regsplig op die onderwyser? Sekere van die riglyne is die volgende:

- Waar sekere statutêre verpligtinge op die onderwyser rus
  Indien 'n onderwyser sonder enige regverdiging vir sy optrede voorskrifte verontagsaam en 'n leerling as gevolg daarvan benadeel, dui sy gedrag op onregmatigheid.

- Gevaarskeppende handeling
  Wanneer daar op grond van 'n daadwerklike handeling 'n nuwe bron van gevaar deur 'n persoon geskep word en hy versuim om die gevaar te elimineer en gevolglike nadeel tree vir 'n ander in, sou dit as onregmatig bestempel word (Neethling et al., 1992:52).

- Beheer oor gevaarlike voorwerpe
  Wanneer 'n persoon in beheer geplaas is van gevaarlike voorwerpe of masjinerie, byvoorbeeld 'n werkswinkelonderwyser, rus daar veral 'n besondere regsplig op hom om toe te sien dat hy deur positiewe optrede die veiligheid van ander verseker (Neethling et al., 1992:57,60).

- Onderwyser-leerling verhouding
  Botha (1994:80) glo dat daar 'n besondere verhouding tussen 'n onderwyser en die leerlinge bestaan en dat daar derhalwe 'n regsplig op eersgenoemde rus om toe te sien dat die leerlinge nie benadeel word nie (McKerron,

1971:20,26,249). Indien'n leerling in 'n werkswinkel op 'n gevaarlike masjien moet werk en die onderwyser verleen fisies hulp aan hom om die korrekte gebruik daarvan by die leerling tuis te bring, bestaan daar 'n regsplig op die onderwyser om toe te sien dat die leerling nie benadeel word nie. Omdat 'n onderwyser oor gespesialiseerde kennis beskik, is dit slegs billik om van hom te verwag dat hy dit tot beskerming van die kinders sal aanwend (Partington, 1984:63). Hieruit kan afgelei word dat die beroep wat 'n onderwyser beoefen altyd 'n besondere regsplig op hom plaas (Neethling et al., 1992:61).

### 2.9.3 Skuld as element van aanspreeklikheid

Skuld het te make met die toerekenbare gesindheid van die dader en dit omvat twee verskyningsvorme, naamlik **opset** en **nalatigheid**. Dit is slegs nodig om die bestaan van óf opset óf nalatigheid te bewys aan die kant van die dader om hom deliktueel aanspreeklik te hou (Neethling et al., 1992:116). Hierdie begrippe dui normaalweg op die verwytbare optrede van 'n persoon wat onregmatig gehandel het.

Skuld in die vorm van 'n opset dui in 'n sekere sin op die gesindheid van 'n persoon (Neethling et al., 1992:113). Dit kan omskryf word as die verwyt wat 'n persoon van regsweë tref terwyl hy opsetlik en wilsgerig daarvan bewus was dat die gevolg onregmatig gaan wees (Botha, 1994:82). Skuld in die vorm van nalatigheid lê daarin dat die dader verwyt moet word vir sy optrede omdat hy nie ooreenkomstig die norme wat van regsweë gestel word, opgetree het nie (Botha, 1994:82).

Dit kan ook gebeur dat 'n ongeluk in die werkswinkel glad nie aan die optrede van die onderwyser toegeskryf kan word nie, maar dat die leerling geheel en al self daarvoor verantwoordelik is.

In so 'n geval is die uitgangspunt in ons regstelsel normaalweg dat die skade rus waar dit val, wat daarop neerkom dat iemand wat skade ly dit self moet dra (Botha, 1994:86). Indien bewys kan word dat 'n ander die skuld daarvoor moet kry, word hy vir die gelede skade aanspreeklik gehou (Botha, 1994:78).

Indién die ongeluk toegeskryf kan word aan die onregmatige en skuldige optrede van die onderwyser sowel as van die leerling, word daar van medewerkende skuld gepraat. Dit verskil dus van skuld wat die ander persoon tref in dié sin dat 'n deel van die eis ook die eiser tref (Van der Merwe en Olivier, 1989:165).

In laasgenoemde geval word daar volgens die redelike man-standaard op 'n persoonlike basis en ingevolge die Wet op verdeling van skadevergoeding 34 van 1956 bepaal die skadedragingslas van elke party moet wees (Botha, 1994:87).

Indien 'n onderwyser tydens die uitvoering van sy plig op 'n onregmatige en skuldige wyse 'n leerling benadeel, kan 'n eis teen die onderwyser se werkgewer op grond van die beginsel van middellike aanspreeklikheid slaag (Botha, 1994:88; Oosthuizen en Bondesio, 1988:31).

Alvorens daar vasgestel kan word of 'n persoon se gedrag met skuld gepaard gegaan het, moet dit onweerlegbaar staan dat hy toerekeningsvatbaar is - met ander woorde of sy geestestoestand sodanig was dat hy aanspreeklik gehou kan word vir sy dade. Toerekeningsvatbaarheid kan dus as die fondament van skuld gereken word. 'n Toerekeningsvatbare persoon is iemand wat oor die nodige geestesvermoëns beskik om te kan onderskei tussen reg en verkeerd en dan dienooreenkomstig kan optree. Die persoon moet in beheer wees van genoemde vermoëns tydens sy handelinge. Indien hy ontoerekeningsvatbaar is, kan daar van skuld aan sy kant geen sprake wees nie (Neethling et al., 1992:113,114).

'n Persoon word oor die algemeen as ontoerekeningsvatbaar bestempel indien kranksinnigheid of geestesongesteldheid, dronkenskap of enige ander vorm van verdowing, woede weens provokasie of jeugdigheid aanwesig is. Wat die onderwysprofessie betref, is dit belangrik om te besef dat 'n kind wat die ouderdom van 7 jaar bereik het, maar nog nie 14 jaar oud is nie, wat die reg betref as ontoerekeningsvatbaar beskou word totdat die teendeel bewys is (weerlegbaar ontoerekeningsvatbaar) (Neethling et al., 1992:114-116). Ook Fischer et al. (1989:64) wys daarop dat ouderdom 'n belangrike rol speel by die bepaling van toerekeningsvatbaarheid.

In die hof se besluit of die kind tussen die ouderdom sewe jaar en puberteit toerekeningsvatbaar is al dan nie, is die kind se intelligensie en rypheid van deurslaggewende belang. Die hof oorweeg die vraag of die kind die situasie kon visualiseer het en die gevaar kon voorsien het (De Villiers, 1982:19).

#### 2.9.3.1 Opset as verskyningsvorm van skuld (Dolus)

Normaalweg bestaan daar geen probleem om 'n persoon se skuld te bewys in die geval waar hy opsetlik 'n ander benadeel het nie (Botha, 1994:82). Indien 'n persoon sy handeling doelbewus rig op die gevolge van sy daad en hy terdeë bewus is van die

uitkoms daarvan, word dit as opset aangemerk (Neethling et al., 1992:117; Wille, 1945:446).

Volgens Neethling et al.(1992:116,117) word daar twee elemente van opset onderskei, naamlik wilsgerigtheid en onregmatigheisbewussyn waaraan daar kortliks aandag gegee sal word.

Betreffende wilsgerigtheid word daar drie vorms van opset onderskei, naamlik:

- oogmerkopset (**dolus direct**) - die dader beoog die gevolg van sy daad;
- opset by sekerheidsbewussyn (**dolus indirectus**) - die dader beoog die gevolg van sy handeling maar besef ook dat 'n ander vorm van skade onafwendbaar sal intree;
- opset by moontlikheidsbewussyn (**dolus eventualis**) - die dader voorsien die moontlikheid van die gevolg op sy handeling maar vereenselwig hom daarmee en gaan nietemin daarmee voort.

Neethling et al.(1992:118) vermeld dat daar geen besondere gevolg aan 'n spesifieke vorm van opset geheg word nie maar dat daar eintlik daarop gelet moet word dat die reg verskillende vorme van opset onderskei.

Betreffende die tweede element van opset, naamlik onregmatigheidsbewussyn, is dit van kardinale belang dat die persoon minstens die moontlikheid moet voorsien dat sy optrede strydig is met die reg (Neethling et al., 1992:119). 'n Persoon kan egter 'n bepaalde beweegrede of motief hê waarom hy 'n sekere daad gepleeg het. Dít moet nie met opset verwar word nie. Soos vermeld is opset 'n reg-tegniese begrip wat die dader doelbewus gewil het terwyl hy bewus was van die onregmatigheid daarvan. As dit egter gaan om 'n motief, dan is die réde waarom hy op 'n sekere wyse opgetree het, ter sprake (Neethling et al., 1992:120).

### 2.9.3.2 Nalatigheid

McKerron (1971:25) omskryf nalatigheid as 'n gedragsuiting wat 'n onredelike hoë mate van risiko inhou om skade of besering aan 'n ander te veroorsaak. Dit kan gesien word as 'n gebrekkige mate van sorgsaamheid om skade te voorkom in 'n gegewe situasie.

Nalatigheid kan omskryf word as die verwyt wat 'n toerekeningsvatbare persoon tref wat nie 'n opsetlike daad verrig het nie, maar wie se handeling strydig is met die gedragsnorm wat van regsweë van hom verwag word, en waarvan die handeling 'n onregmatige gevolg gehad het (Prinsloo en Beckmann, 1987:116; Van der Merwe en Olivier, 1989:126).

W. Prosser (1971: *Law of Torts* soos aangehaal deur Shoop en Dunklee, 1992:265) gaan van die veronderstelling uit dat alvorens 'n regsgeding oor nalatigheid sou kon slaag dit aan die volgende vereistes moet voldoen:

- Die verweerder moes 'n verantwoordelikheid jeens die eiser gehad het.
- Die verweerder moes nagelaat het om redelik voorsorg te tref in sy handeling.
- Die verweerder se optrede moet direk verband hou met die eiser se gelede skade.
- Die eiser moet bewys kan lewer dat hy inderdaad verlies gely het as gevolg van die nalatigheid.

Indien 'n onderwyser die besondere regsplig wat op hom rus verontagsaam, bestaan daar nalatigheid en kan hy vir sy versuim veroordeel word (Botha, 1994:76). Daar moet ook gewys word op die feit dat 'n gebrek aan vaardigheid op sigself nie as nalatig gereken kan word nie terwyl wanneer toerekeningsvatbaarheid ontbreek, daar geensins sprake van nalatigheid kan wees nie (Boberg, 1984:271,346,347).

Die begrip nalatigheid word gefundeer op die beginsel van die redelike-man toets wat op sy beurt rus op die twee samestellende dele, naamlik voorsienbaarheid en voorkombaarheid (Botha, 1994:83).

Om te probeer vasstel wat dan van regsweë van 'n toerekeningsvatbare persoon verwag word, word daar van die sogenaamde "redelike man-toets" gebruik gemaak. Die hof vra hom die vraag af hoedat die redelike man in dieselfde omstandighede sou optree. Indien daar bevind word dat die dader se optrede afwyk van dit wat die redelike man sou gedoen het, kan sy optrede as nalatig bestempel word (Botha, 1994:83; Shoop en Dunklee, 1992:264; McKerron, 1971:28,30,31).

Dit is belangrik om te beklemtoon dat nalatigheid nie 'n handeling of 'n gesindheid is nie, maar 'n verwyt. Slegs wanneer die redelike man onder dieselfde omstandighede as die dader anders sou opgetree het, kan sy versuim hom ten laste gelê word (Prinsloo en Beckmann, 1987:117). Met ander woorde, 'n redelike man sou die nadeel as 'n

moontlike gevolg van die handeling voorsien het en voorkomend opgetree het (Botha, 1994:83). Uit die perspektief van die onderwyser gaan dit eerstens om die veiligheid van die leerling en nie om die wyse waarop die opvoeder 'n klag van nalatigheid teen hom kan vryspring nie (Kruger en Calitz, 1992:156).

De Villiers (1982:19) wys daarop dat dit in die verlede gebruiklik was dat ouers 'n vrywaringsvorm onderteken waardeur die onderwysowerheid se aanspreeklikheid teenoor leerlinge wat beserings opdoen, beperk word. Dit vrywaar die onderwyser egter nie teen 'n eis van die leerling se kant indien nalatigheid werklik bewys kan word nie.

Die toets vir nalatigheid vind sy gesaghebbendste formulering in die uitspraak van appélregter Holmes in **Kruger v Coetzee** 1966 (2)SA 428 (A). Dit kom daarop neer dat 'n **diligens paterfamilias** in die posisie van die verweerder, die redelike moontlikheid van skade aan 'n ander persoon of eiendom sou voorsien het en dat hy daarom billike, haalbare voorkomingsmaatreëls daarteen sou getref het. In hierdie hofsaak (p.430) het die verweerder dit nie gedoen nie en is hy om daardie rede skuldig bevind. Die howe beoordeel alle ander soortgelyke sake aan die hand van die toets wat gestel is vir nalatigheid in hierdie hofsaak.

Tydens 'n nalatigheidsondersoek kyk die hof na hoe groot die kans was dat die bepaalde nadeel wel sou intree. Indien die kans regtig groot is dat nadeel die gevolg van die daad sou wees, word daar aanvaar dat die redelike man die gevolge redelikerwys sou voorsien het (Botha, 1994:83; Reutter, 1981:77).

Daar kom gewoonlik vier oorwegings ter sprake wanneer gekyk word na redelike voorkombaarheid (Van der Walt, 1979:103; Botha, 1994:83):

- □ **Die aard en omvang van die risiko**

Indien die moontlike omvang van benadeling klein en gering van aard is, sou die redelike man nie voorkomend opgetree het nie. So byvoorbeeld is die moontlikheid nie uitgesluit dat 'n leerling homself kan skok wanneer hy met 'n elektriese apparaat werk nie. Indien hy op 'n droë vaste oppervlak staan en die aardlekkasie apparaat, wat behoorlik bedraad en geïsoleer is, gebruik, is die risiko en omvang van moontlike benadeling so gering dat die redelike man waarskynlik nie verdere voorkomende stappe sou gedoen het nie.

**□ Die ernstigheidsgraad van die skade**

Indien die nadeel wat moontlik veroorsaak kon word in ernstigheidsgraad as gering beskryf kan word, sou die redelike man nie stappe ter voorkoming daarvan aangewend het nie. Waar daar 'n moontlikheid van ernstige en omvangryke skade bestaan het, behoort hy dit wel te gedoen het. So byvoorbeeld is dit baie waarskynlik dat wanneer die leerling 'n elektriese apparaat op 'n nat glyerige vloeroppervlak gebruik sonder die aardlekkasie-apparaat, hy ernstige skade op die lyf sal loop. Daarom behoort die redelike man stappe ter voorkoming aan te wend.

**□ Die betreklike belangrikheid van die doel**

Indien die dader in belang van die ander persoon opgetree het en sy primêre oogmerk 'n voordeliger uitwerking vir hom ingehou het, word die sekondêre skade as onbenullig gereken omdat die redelike man in sodanige geval nie stappe ter voorkoming van nadeel sou doen nie.

Wanneer 'n onervare leerling byvoorbeeld besig is om deur 'n dun metaalplaatjie gate met 'n staanboor te boor, en hy hou die werkstuk slegs met die kaal hande vas, kan die masjien die plaatjie gryp en die leerling se hande flenters sny. Indien 'n werkswinkel-onderwyser bogenoemde situasie sou waarneem en hy reageer deur die kind met geweld van die boor af weg te ruk en in die handeling die leerling se klere skeur, word dié sekondêre skade as onbenullig gereken.

**□ Die koste- en moeite-aspek**

Indien die risiko tot benadeling slegs geringe koste of moeite verg, kan 'n mens aanneem dat die redelike man voorkomend sal optree. Waar die koste- en moeite-aspek buite verhouding groot met die risiko tot benadeling is, kan weer aangeneem word dat die redelike man nie voorkomend sou optree nie.

Indien 'n leerling van gemiddelde intelligensie 'n potensieel gevaarlike situasie sodanig benader het dat sy eie nalatigheid gedeeltelik of ten volle bygedra het tot die skade wat gely is, kan hy onder sekere omstandighede medeverantwoordelik gehou word vir die skade. Genoemde toestand staan as bydraende nalatigheid bekend (Van der Merwe en Olivier, 1989:150,151; Fischer et al., 1987:63).

Partington (1984:71) hou in hierdie verband die volgende voorbeeld voor: Op die perseel direk langs 'n laerskool is daar 'n bouery aan die gang. Gedurende pouse gaan "leen" twee 12-jarige seuns 'n plank op die perseel, plaas dit oor 'n gat en probeer om daaroor te loop. Een seun val in die gat en beseer homself. In so 'n geval sal die hof waarskynlik redeneer dat indien twee intelligente seuns van 12 jaar al hierdie moeite gedoen het met 'n gevaarlike speletjie waarmee hulle geweet het hulle hulself kan beseer, hulle self die verantwoordelikheid daarvoor moet dra.

Die vraag ontstaan of die onderwyser se optrede altyd beoordeel moet word vanuit die redelike man-standaard. Moet daar nie moontlik ander eise aan hom gestel word omdat hy oor eienskappe beskik soos deskundigheid, professionaliteit en bedrewenheid nie? Genoemde kwaliteite beïnvloed die toepassing van die algemene toets vir nalatigheid. Aan die toerekeningsvatbare onderwyser in 'n posisie van deskundigheid, word die toets vir nalatigheid ten aansien van die beoefening van die deskundige aktiwiteit naamlik deur die redelike professionele, bedrewe onderwyser, gebruik. Die toets wat vir die redelike deskundige geld, is in alle opsigte soos wat geld vir die redelike man, maar dan aangevul deur 'n redelike mate van die toepassing van sy deskundigheid. In alle gevalle geld die beskrywing van "redelike" dat daar nie met die bogemiddelde of ondergemiddelde gewerk word nie, maar met die gemiddelde vlak wat daar heers (Neethling et al., 1992:129; Broom and Another v The Administrator, Natal 1966:518).

Daarom sal dit vir 'n onervare onderwyser riskant wees om homself as 'n veiligheidsverteenwoordiger beskikbaar te stel (Partington, 1984:89).

Dit is duidelik dat geen beslissing oor nalatigheid gevel kan word alvorens daar aan alle relevante omstandighede wat 'n betrokke geval omvou, oorweging geskenk is nie (Neethling et al., 1992:136,137).

Die volgende faktore word in ag geneem by die beoordeling van die vraag of die dader soos 'n redelike man opgetree het in die besondere omstandighede (Neethling et al., 1992:136-139):

- Wanneer daar met potensieel gevaarlike goed gewerk word, soos masjinerie in 'n werkswinkel (vgl. ook Fischer et al., 1987:59 en McKerron, 1971:20,26,249).
- Wanneer daar met onbekwame persone soos kinders of mense met liggaamsgebreke gewerk word.

Daar bestaan volgens Neethling et al. (1992:137-139) moontlike versagtende omstandighede in die volgende gevalle waar 'n persoon anders as normaal optree:

- waar'n toestand van skielike gevaar ontstaan en waar
  - ¤ die situasie onmiddellike dreigende gevaar inhou;
  - ¤ die gevaarsituasie nie veroorsaak is deur eie nalatige of onoordeelkundige optrede nie;
  - ¤ die optrede nie totaal onredelik is nie (daar nie heeltemal soos 'n dwaas opgetree is nie).
- Indien die optrede van 'n ander party op 'n roekelose of growwe nalatige wyse geskied het.
- Indien 'n persoon ooreenkomstig die gewoontes en opvattings van die gemeenskap optree, met ander woorde indien hy sou handel volgens die alledaagse gebruike van sy gemeenskap (**Boni mores**).

Op die keper beskou gaan dit net om die vraag of die dader hom gedra het soos wat die redelike man hom in dieselfde omstandighede sou gedra het.

Dit is noodsaaklik dat 'n skool hom moet vrywaar teen 'n beskuldiging dat hy nalatig was in die uitvoer van sy sorgsame toesigsplig wat ernstige beserings by leerlinge tot gevolg gehad het. Om hierdie rede behoort alle belanghebbendes bewus te wees van hul gemeenskaplike verantwoordelikheid om toe te sien dat veiligheidsaspekte die hoogste prioriteit geniet (TOD, 1993b:14).

## 2.10 KOUSALITEIT

Kousaliteit kan as die verband tussen die oorsaak en die gevolg omskryf word (HAT, 1981:477). Indien 'n bepaalde handeling sekere skade veroorsaak, meen Neethling et al. (1992:159) dat daar 'n kousale verband bestaan tussen die gelede skade en die handeling.

Dit is duidelik dat daar 'n kousale verband bestaan tussen die onderwyser se handeling om 'n onervare standerd 3- leerling, teen die leerling se sin, te dwing om met 'n gevaarlike rolsaag te werk en die skade wat die leerling ly toe hy sy vinger afsaag.

Dit is egter nie altyd so maklik om die kousaliteit tussen 'n handeling en skade wat intree te bepaal nie. 'n Voorbeeld hiervan is opgeteken in die regspraak **Alston v Marine**

**& Trade Insurance Co Ltd.** 1964 (4) SA 112 (W). Die eiser het tydens 'n motorongeluk 'n breinbesering opgedoen. Die ongeluk was te wyte aan die nalatige optrede van die bestuurder. Dit het gebeur dat die eiser weens die breinbesering aan maniese depressie gely het. Hiervoor moes hy 'n geneesmiddel, parstellin, gebruik om sy toestand te behandel. Volgens die stand van die mediese wetenskap tydens die gebeure was daar geen besondere rede om te dink dat die gebruik van parstellin enige gevaar ingehou het nie. Toe die eiser egter na die medikasie ook kaas inneem, het hy 'n beroerteaanval gekry. Hieruit voortspruitend het hy bykomstige skade opgedoen. Dit het agterna geblyk dat die eet van kaas na die gebruik van parstellin noodlottige gevolge kan inhou.

Of daar wel 'n kousale verband in 'n betrokke geval bestaan, is 'n feitevraag wat beantwoord moet word aan die hand van beskikbare getuienis. Sodanige verband is eintlik 'n feit wat bestaan of nie bestaan nie. Daar is geen tussenin moontlikhede nie en daarom kan die saak deur teoretisering nie verder gevoer word nie (Neethling et al.,1992:159).

Die probleem by 'n skadeveroorsaakte handeling is tweërlei van aard. In regsterme word daar gepraat van feitelike kousaliteit wat bepaal moet word en daarna van juridiese kousaliteit wat vasgestel moet word (Neethling et al., 1992:159). Dit waarvoor die verweerder in die genoemde saak aanspreeklik gehou moet word, blyk duidelik 'n probleem te wees (juridiese kousaliteit). Moet hy ook vir die nadelige gevolge van die beroerteaanval aanspreeklikheid aanvaar of nie? Wat wel uit die feite blyk, is dat daar 'n feitelike kousale verband bestaan tussen die handeling en die gevolg (Van Rensburg, 1972:4). Met ander woorde daar moet eerstens vasgestel word of daar wel 'n verband bestaan tussen die handeling en die gelede skade. Tweedens moet bepaal word vir presies watter deel van die skade die dader aanspreeklik gehou gaan word (Neethling et al., 1992:169,170).

## 2.11 SKADE

In die Suid-Afrikaanse reg is die uitgangspunt by skadedraging dat die skade rus waar dit val, wat impliseer dat 'n persoon in beginsel die skade self moet dra. 'n Uitsondering op hierdie beginsel is wanneer 'n nadeel deur die onregmatige en skuldige optrede van 'n ander persoon veroorsaak is, in welke geval hy dan daarvoor aanspreeklik gehou sal word (deliktuele aanspreeklikheid) (Botha, 1994:78).

Neethling et al. (1992:198) definieer skade soos volg: "Skade is die nadelige inwerking op enige vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat die reg as beskermingswaardig ag".

By 'n onregmatige skuldige handeling is daar altyd die een of ander skadelike gevolg. Die reg tree as beslegter op tussen die partye en probeer om vergoeding of kompensasie beskikbaar te stel van die individu se regserkende behoefte (Neethling et al., 1992:197).

Verskeie skrywers is dit eens dat in die geval waar 'n persoon skade ly in sy vermoë (vermoënskade), skadevergoeding geeïs kan word vir die volgende soorte nadeel (Botha, 1994:86; Neethling et al., 1992:201; Olivier, 1978:247-260; Reinecke, 1974:33):

- Saakskade (eiendom).
- Mediese uitgawes (vir fisieke en psigiese beserings).
- Verlies aan inkomste en verdienvermoë (indien 'n leerling se vermoëns so benadeel is dat hy in die toekoms nie ooreenkomstig sy potensiaal kan ontwikkel en verdien nie).

In die geval van persoonlikheidsnadeel (waar 'n persoon fisieke of psigiese beserings opgedoen het) kan skadevergoeding geëis word vir die volgende soorte nadeel:

- Pyn en lyding (fisieke pyn en geestelike pyn en lyding).
- Misvorming (ontsierende liggaamsmerke - veral gesigsbeserings).
- Verlies aan gesondheid (verlies van algemene gesondheidstoestand).
- Verlies aan lewensgenietinge (sport, ontspanning, sosiale aktiwiteite).
- Emosionele en senuskok (kompensasie vir die psigiese nadeel).
- Verkorte lewensverwagting ('n afsplitsing van pyn en lyding - die slagoffer moet met die depressiewe gedagte saamleef dat sy lewe verkort is deur die delik) (Botha, 1994:86; Neethling et al., 1992:201; Olivier, 1978:247-260; Reinecke, 1974:33).

Daar bestaan 'n verskil van mening by juriste of die begrip "skade" albei komponente, naamlik vermoënskade en persoonlikheidsnadeel insluit. Na vele beredenering wil dit tog voorkom asof die begrip "skade" as 'n omvattende begrip gesien moet word. Dit kan dus as 'n versamelbegrip gesien word met die twee komponente as twee wedersydse uitsluitende deelbegrippe (Neethling et al., 1992:199).

Wanneer daar na die saak **Knouwds v Administrateur, Kaap** 1981 (1) SA 544 (K) gekyk en in gedagte gehou word dat die dogter Ester haar duim in die ongeluk verloor

het as gevolg van die nalatige onregmatige skuldige handeling van 'n ander persoon, is dit te verstane dat die gelede skade in hierdie geval nie rus waar dit val nie. Die feit dat handeling, nalatigheid, onregmatigheid en kousaliteit aan die kant van die verweerder bewys is, het die skool aanspreeklik gemaak vir die beserings en skade. Dit blyk verder uit die hofuitspraak dat daar deur die eiseres vir persoonlikheidskade geëis is omdat sy fisieke beserings opgedoen het en die bedrag wat toegestaan is vir sake soos pyn, lyding, misvorming asook emosionele skok kon gewees het.

Die werkswinkelonderwyser moet baie deeglik van hierdie saak kennis neem wanneer daar met potensieel gevaarlike masjinerie gewerk word om toe te sien dat daar altyd voldoende skerms oor alle roterende masjienonderdele is.

## 2.12 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die onderwysregtelike aard van toesighouding van die werkswinkelonderwyser. Daar is gekyk na sy verantwoordelikhede, pligte en toesigrol in die werkswinkel, asook die onregmatigheid van sekere optredes. Klem is gelê op die kenmerke van die onderwyser se posisie as **in loco parentis en bonus paterfamilias.**

Laastens is gekyk na die gemeenregtelike, statutêre en regsprekende opdragte en na die implikasies wat dit vir die werkswinkelonderwyser as sorgsame toesighouer ten opsigte van leerlingveiligheid inhou. Ten einde dit te kon doen is daar aandag verleen aan die elemente van aanspreeklikheid soos wanneer dit inwerk op die regserkende belang van 'n leerling.

# HOOFSTUK 3

## EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE SORGSAME TOESIGHOUDING VAN DIE WERKSWINKELONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN LEERLINGVEILIGHEID

### 3.1 INLEIDING

Die doel van die empiriese ondersoek was om die werkswinkelonderwyser se kundigheid met betrekking tot die onderwysregtelike aard van sy toesigrol te bepaal.

Om die nodige inligting van al die betrokke departementshoofde en werkswinkelonderwysers te bekom is 'n opname gedoen by alle Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal wat oor werkswinkels beskik. Die opname is onderneem aan die hand van die volgende navorsingsplan:

### 3.2 NAVORSINGSONTWERP

#### 3.2.1 Die vraelys as meetinstrument

##### 3.2.1.1 Die rede waarom 'n vraelys gebruik is

Met behulp van 'n vraelys kan baie mense binne 'n kort tydsbestek bereik word. Die vraelys het ontwikkel as 'n noodsaaklike meetinstrument om onpersoonlik navraag te doen oor bestaande praktyke en toestande en/of om houdings en menings te peil (Van der Westhuizen, 1992:192). Die vraelys het ten doel om 'n spesifieke reaksie uit te lok (Pietersen, 1988:87).

Volgens Teichler (1982:112) en De Wet et al. (1987:163) kan daar tussen twee tipes vraelyste onderskei word, naamlik:

- die oop (ongestruktureerde) vraelys, waar die respondente 'n vrye keuse van antwoorde het en dus 'n eie mening kan lug, en

- die geslote (gestruktureerde) vraelys, waar alternatiewe antwoorde saam met die vrae gegee word sodat respondente daaruit een kan kies.

Vir hierdie ondersoek is daar op 'n gestruktureerde vraelys besluit.

**3.2.1.2 Die posvraelys**

'n Gestruktureerde posvraelys is aan kundiges voorgelê vir hulp met die beplanning en verwerking van die statistiese navorsingsresultate. Die vraelys is ook aan die betrokke studieleiers vir hul kommentaar en aanbevelings voorgelê.

**3.2.1.3 Voordele van die posvraelys**

Volgens De Wet et al. (1987:163) en Van der Westhuizen (1992:192) het 'n gestruktureerde vraelys die volgende voordele bo 'n onderhoud:

- Die gedrukte posvraelys is meer doeltreffend en prakties.
- 'n Groter groep mense kan betrek word en daarom kan daar van 'n groter steekproef gebruik gemaak word met 'n meer betroubare afleidingsmoontlikheid.
- Die vraelys is as meetinstrument meer betroubaar as die onderhoud.
- Objektiewer menings van die respondente is moontlik omdat persoonlike oordeel van die navorser uitgeskakel word.
- Die respondente se identiteit bly onbekend.
- Instruksies vir die voltooiing van die vraelys is gestandaardiseer en respondente weet presies wat van hulle verwag word.
- Die invul van die vraelys neem minder tyd as onderhoude in beslag.
- Die vraelys is goedkoper as onderhoude.
- Analisering en tabulering van response word deur die vraelys vergemaklik.
- Vrae is direk en response kan maklik ontleed word.

**3.2.1.4 Nadele van die posvraelys**

Van der Westhuizen (1992:192) en De Wet et al. (1987:163) verwys na die volgende nadele van die vraelys:

- Die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys is moeilik bepaalbaar.
- Dit is moeilik om die vrae so op te stel dat al die respondente dit korrek sal verstaan.

- Die korrektheid van antwoorde is moeilik bepaalbaar en die beantwoording van vrae kan na willekeur geskied.
- Die vraelys kan gedelegeer word na iemand vir wie dit glad nie bedoel was nie.
- Terugvoer kan swak wees.
- Aangesien daar nie voorsiening gemaak word vir alternatiewe antwoorde nie, word die respondente gedwing om antwoorde te kies wat moontlik nie vir hulle bevredigend is nie.

### 3.2.2 Konstruksie van die vraelys

Die vraelys bestaan uit vier afdelings (vgl. bylae C), naamlik:

☐ **Afdeling A: Biografiese gegewens (Vrae 1-5)**

Die biografiese gegewens wat ingesamel is, het ten doel om te bepaal of:

- die posvlak wat die respondente beklee,
- ouderdom,
- ervaring as werkswinkelonderwyser,
- kategorie-indeling,
- opleiding in onderwysreg moontlik 'n invloed kan hê op die uitvoering van die werkswinkelonderwyser se plig as sorgsame toesighouer ten opsigte van leerlingveiligheid.

☐ **Afdeling B: Veiligheidsdeterminante in die werkswinkel (Vrae 6-13)**

Die algemene gegewens is ingesamel met die doel om vas te stel of:

- die getal leerlinge wat in 'n werkswinkel opgelei word,
- die funksionering van veiligheidskomitees,
- die nakoming van voorskrifte en beleid,
- die kweek van 'n veiligheidsbewussyn,
- onnutsige, impulsiewe leerlingoptrede moontlik verband hou met die aantal leerlingbeserings in 'n werkswinkel. Verder is ook gepoog om vas te stel of moontlike pligsversuim aan die kant van die werkswinkelonderwyser ten opsigte van leerlingveiligheid verband hou met die aantal leerlingbeserings.

- ☐ **Afdeling C: Onderwysregskundigheid ten opsigte van sorgsame toesig (Vrae 14-15)**

Dié afdeling het ten doel om die respondent se kundigheid rakende sekere onderwysregtelike aspekte, asook departementele regulasies wat geld by leerlingbeserings, te bepaal.

- ☐ **Afdeling D: Gevallestudie (Vrae 16-29)**

Die doel met hierdie afdeling was om 'n situasie te skets wat ooreenstem met die ervaringwêreld van die meeste werkswinkelonderwysers. Hiermee is gepoog om vas te stel of die onderwyser sy kennis aangaande die onderwysreg kan toepas in die alledaagse, praktiese rol as sorgsame toesighouer in die werkswinkel.

### 3.2.3 Die loodsvraelys

'n Aantal loodsvraelyste (n = 5) is aan kollegas, wat nie deel van die steekproef sou uitmaak nie, voorgelê. Die doel met die loodsvraelys was om moontlike probleme daarin te identifiseer en die voltooiingstyd daarvan te toets. Daarna is die vraelys gerekenariseer en gefinaliseer.

### 3.2.4 Die finale vraelys

Op grond van die terugvoer van die loodsondersoek is die finale vraelys saamgestel (vgl. bylae C).

### 3.2.5 Administratiewe prosedure

Skriftelike toestemming van die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement is verkry om die ondersoek in openbare skole van dié departement uit te voer (vgl. bylae B).

Die finale vraelyste is aan die betrokke skoolhoofde versend met die versoek om dit aan die Departementshoof Praktiese Vakke, Departementshoof Tegniese Vakke of senior werkswinkelonderwyser vir voltooiing te oorhandig.

Om die terugsending van die voltooide vraelyste te vergemaklik, is geadresseerde, gefrankeerde koeverte saam met die vraelyste aan die verskillende respondente gestuur.

### 3.2.6 Studiepopulasie

Die studiepopulasie in hierdie ondersoek is al die Afrikaanse sekondêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement (n = 174). Vraelyste moes voltooi word deur óf die Departementshoof Praktiese Vakke, óf Departementshoof Tegniese Vakke óf senior werkswinkelonderwyser.

**Tabel 3.1 Response van respondente**

| AANTAL UITGESTUUR | AANTAL TERUG ONTVANG | % |
|---|---|---|
| 174 | 123 | 70,6% |

Volgens Landman (1980:112) is minstens 'n 70% terugvoer nodig ten einde geldige afleidings en gevolgtrekkings te kan maak vir die studiepopulasie. Op grond van die terugvoer in hierdie ondersoek van 70.6% kan aanvaar word dat geldige afleidings vir die studiepopulasie in hierdie ondersoek gemaak is.

### 3.2.7 Statistiese tegniek

Die response van die respondente is deur die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO met behulp van die SAS (Statistical Analysis System) rekenaarprogrampakket verwerk (SAS Institute Inc., 1985). Die program is gebruik ten einde individuele response en gemiddeldes op sekere kategorieë te bepaal. Die kennistoets (afdeling C) en die toepassing in die praktyk (afdeling D) is nagesien en verwerk tot 'n persentasie.

## 3.3 INTERPRETERING VAN GEGEWENS

### 3.3.1 Afdeling A : Biografiese gegewens

Die doel met hierdie vrae (vgl. bylae C, vraag 1 - 5) was om 'n algemene beeld van enkele biografiese aspekte van die respondente te vorm. Die gegewens word weergegee in tabelle 3.2a en 3.2b.

Tabel 3.2a Biografiese gegewens

| | RESPONSE | f | % |
|---|---|---|---|
| 1. Huidige pos | Departementshoof | 63 | 51,2 |
| | Onderwyser | 60 | 48,8 |
| | Nul respons | 0 | 0,0 |
| | TOTAAL | 123 | 100,0 |
| 2. Ouderdom | Jonger as 25 jaar | 1 | 0,8 |
| | 26 - 30 | 21 | 17,1 |
| | 31 - 35 | 35 | 28,5 |
| | 36 - 45 | 36 | 29,3 |
| | 46 - 55 | 25 | 20,3 |
| | Ouer as 55 jaar | 5 | 4,0 |
| | TOTAAL | 123 | 100,0 |
| 3. Ervaring as werkswinkel-onderwyser | 0 -3 jaar | 9 | 7,3 |
| | 4 - 8 | 34 | 27,6 |
| | 9 - 12 | 24 | 19,5 |
| | Meer as 12 jaar | 56 | 45,6 |
| | TOTAAL | 123 | 100,0 |
| 4. Kategorie-indeling | C | 4 | 3,3 |
| | D | 69 | 56,1 |
| | E | 29 | 23,6 |
| | F | 19 | 15,4 |
| | G | 1 | 0,8 |
| | Nul respons | 1 | 0,8 |
| | TOTAAL | 123 | 100,0 |

Tabel 3.2b Opleiding in onderwysreg

| | RESPONSE | NUL RESPONS | | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % |
| 5. Opleiding in Onderwysreg | Kursus bygewoon | 92 | 74,8 | 15 | 12,2 | 16 | 13,0 |
| | VDO Onderwys-bestuur | 109 | 88,7 | 3 | 2,4 | 11 | 8,9 |
| | B.Ed. Onderwys-reg | 103 | 83,7 | 8 | 6,5 | 12 | 9,8 |
| | M.Ed. Onderwys-reg | 111 | 90,2 | 0 | 0,0 | 12 | 9,8 |

### 3.3.1.1 Profiel van respondente

Uit tabel 3.2a blyk dit dat daar ongeveer eweveel departementshoofde as onderwysers op **vraag 1** gerespondeer het. Van die respondente was 48,8% onderwysers en 51,2% departementshoofde. Volgens **vraag 2** blyk dit dat die meerderheid van die respondente in die ouderdomsgroep 31 - 45 jaar val, naamlik 57,8%. In die ouderdomsgroep 45 - 55 jaar was daar 20,3% van die respondente. Uit hierdie gegewens blyk dit dat die respondente oor die algemeen die meer ervare en ouer persone in die onderwys is. Hierdie gevolgtrekking word gestaaf met die response wat verkry is by **vraag 3**. Uit dié vraag het dit ook geblyk dat die grootste enkele groep van die respondente (45,6%) 12 jaar en langer ervaring as werkswinkelonderwysers het. Daar is bevind dat 27,6% van die respondente 4 - 8 jaar ervaring het as werkswinkelonderwysers.

Die kategorie-indeling van die respondente is hoofsaaklik matriek plus 4 of 5 jaar opleiding. Van die respondente het 56,1% 'n kwalifikasie wat geëvalueer is as op kategorie D en 23,6% op kategorie E. Hierdie respons verteenwoordig 79,7% van die respondente. Uit die gegewens blyk dit dus dat die respondente oor die algemeen goed gekwalifiseer is.

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die respondente (die werkswinkelonderwysers) oor die algemeen die meer ervare senior onderwysers is, oorwegend 31 jaar en ouer is en meer as 12 jaar ervaring as werkswinkelonderwysers het. Die respondente is ook

oorwegend voldoende gekwalifiseer, wat beteken dat hulle 'n kategorie-indeling van D en hoër het.

Weens 'n verskil in vertolking is die eerste afleier van vraag 5 (tabel 3.2b) by die bespreking en interpretasie uitgelaat. Die oorblywende gegewens is per hand gekontroleer om te verseker dat die kandidate nie meer as een afleier van vraag 5 gekies het nie. Wat spesifieke kennis van onderwysreg betref, is daar bevind dat 15 respondente (12,2%) 'n kursus in onderwysreg bygewoon het, 3 kandidate (2,4%) 'n VDO Onderwysbestuur-kwalifikasie het en 8 kandidate (6,5%) oor 'n B.Ed. met onderwysreg beskik. Geen kandidaat beskik oor 'n M.Ed. in onderwysreg nie. Dit bring mee dat 21,1% respondente oor die een of ander formele kennis in onderwysreg beskik en slegs 8.9% oor 'n amptelike kwalifikasie. Die meerderheid van die respondente (78,9%) het geen opleiding gehad of enige kursus bygewoon nie.

Vervolgens word aandag gegee aan die response op afdeling B.

### 3.3.2 Afdeling B : Veiligheidsdeterminante in die werkswinkel

Hierdie afdeling weerspieël algemene inligting en het ten doel om 'n oorsig te verkry oor leerlinggegewens en leerlinggedrag, asook vertroudheid met en uitvoering van algemene pligte en take wat die onderwyser raak. Verder word gepoog om tendense wat mag voorkom vas te stel en moontlike verklarings daarvoor te gee.

#### 3.3.2.1 Algemene gegewens

Die doel met vrae 6 - 8 was om 'n oorsig te verkry rakende leerlingbeserings, aantal leerlinge wat per jaar in die werkswinkels opgelei word en die funksionering van veiligheidskomitees by skole. Die gegewens word weergegee in tabel 3.3.

Tabel 3.3 Algemene gegewens

| | RESPONSE | f | % |
|---|---|---|---|
| 6. Getal leerlinge opgelei per jaar | Minder as 50 | 4 | 3,3 |
| | 51 - 100 | 23 | 18,7 |
| | 101 - 150 | 22 | 17,9 |
| | 151 - 200 | 36 | 29,3 |
| | Meer as 200 | 36 | 29,2 |
| | Nul respons | 2 | 1,6 |
| | TOTAAL | 123 | 100,0 |
| 7. Getal leerlinge beseer afgelope drie jaar | Geen | 57 | 46,3 |
| | Minder as 10 | 62 | 50,5 |
| | 11 - 15 | 1 | 0,8 |
| | 16 - 20 | 0 | 0,0 |
| | Meer as 20 | 1 | 0,8 |
| | Nul respons | 2 | 1,6 |
| | TOTAAL | 123 | 100,0 |
| 8. Hoe dikwels vergader veiligheidskomitee | Weekliks | 4 | 3,3 |
| | Maandeliks | 41 | 33,3 |
| | Kwartaalliks | 61 | 49,6 |
| | Halfjaarliks | 3 | 2,4 |
| | Jaarliks | 8 | 6,5 |
| | Glad nie | 5 | 4,1 |
| | Nul respons | 1 | 0,8 |
| | TOTAAL | 123 | 100,0 |

Uit die response op **vraag 6** blyk dit dat 58,5% van die respondente se skole 151 en meer leerlinge per jaar in die werkswinkels oplei.

Ten opsigte van **vraag 7** blyk dit dat 46,3% van die respondente gesê het dat daar die afgelope drie jaar geen beserings in die werkswinkels was nie, terwyl 50,5% rapporteer dat daar minder as 10 leerlinge die afgelope drie jaar beseer is. Uit hierdie inligting blyk dit dat beserings in werkswinkels oor die algemeen relatief min was. Dit moet egter altyd die strewe wees om leerlingbeserings te voorkom (vgl. 2.7.2.1).

Volgens die response wat verkry is uit **vraag 8**, blyk dit dat by 82,9% van die respondente se skole die veiligheidskomitee maandeliks (33,3%) of kwartaalliks (49,6%) vergader (vgl. 2.7.2.4). Volgens die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a : hfst.13.14.5) behoort die veiligheidskomitee in 'n skool te vergader so dikwels hy dit nodig ag, maar ten minste eenkeer elke drie maande. Dit beteken dat 16 skole (13%) nie by hierdie voorskrif hou nie.

### 3.3.2.2 Toepaslike voorskrifte

Die doel met vrae 9 en 10 (soos gereflekteer in tabel 3.4) was om te bepaal in welke mate die onderwyser bewus is van toepaslike voorskrifte ten opsigte van leerlingveiligheid, en in watter mate die voorskrifte uitgevoer word.

Uit die response op **vraag 9** is die volgende vasgestel:

- Die meeste respondente (96,8%) is bewus van die voorskrifte soos vervat in die vak- en skoolbeleid.
- 'n Groot groep respondente (86,2%) is bewus van voorskrifte soos vervat in departementele stukke.
- Wat kennis aangaande voorskrifte soos vervat in wetgewing betref, meen 70,7% van die respondente dat hulle daaraan voldoen.

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die meeste respondente meen dat hulle in 'n meerdere mate tot ten volle vertroud is met die verskillende toepaslike voorskrifte betreffende die veiligheid in die werkswinkel.

Volgens **vraag 10** blyk dit dat 93,5% van die respondente meen dat hulle die voorskrifte soos onder meer vervat in beleidstukke, departementele handleidings en wetgewing in 'n meerdere mate tot ten volle uitvoer.

Tabel 3.4 Toepaslike voorskrifte

| 9. Vertroud met voorskrifte t.o.v. | Nul respons | | Glad nie | | Geringe mate | | Meerdere mate | | Ten volle | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| Vakbeleid | 2 | 1,6 | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 | 34 | 27,6 | 85 | 69,2 |
| Skoolbeleid | 1 | 0,8 | 0 | 0,0 | 3 | 2,4 | 38 | 30,9 | 81 | 65,9 |
| Dept. stukke | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 | 15 | 12,2 | 58 | 47,2 | 48 | 39,0 |
| Wetgewing | 1 | 0,8 | 6 | 4,9 | 29 | 23,6 | 65 | 52,8 | 22 | 17,9 |
| 10. Uitvoer van voorskrifte | 2 | 1,6 | 0 | 0,0 | 6 | 4,9 | 68 | 55,3 | 47 | 38,2 |

Dit blyk dus uit die response op vraag 9 en 10 dat die werkswinkelonderwyser (respondent) bewus is van die toepaslike voorskrifte en dit oorwegend noukeurig uitvoer (vgl. 2.7.2.1, 2.7.2.3 en 2.7.2.4).

### 3.3.2.3 Veiligheidsaspekte by aanvanklike opleiding

Die doel met **vraag 11** was om te bepaal in welke mate daar tydens die respondent se aanvanklike opleiding aandag gegee is aan veiligheidsaspekte soos vervat in toepaslike voorskrifte (vgl. tabel 3.5).

Die tabel gee 'n uiteensetting van die respondente se mening oor die volledigheid van veiligheidsopleiding soos vervat in toepaslike voorskrifte tydens hulle aanvanklike onderwysopleiding:

- 'n Redelike aantal respondente (61,7%) meen dat daar voldoende aandag aan die veiligheidsaspekte gegee is soos vervat in die vakbeleid.
- Ten opsigte van die skoolbeleid meen 53,6% respondente dat daar genoeg aandag aan gegee is.

- By 53,7% respondente is daar die gevoel dat daar genoegsaam aandag aan departementele stukke gegee is.
- Wat betref wetgewing meen ongeveer die helfte (49,6%) van die respondente dat daar voldoende aandag aan gegee is.

**Tabel 3.5 Response op veiligheidsaspekte tydens aanvanklike opleiding**

| 11. Veiligheids-aspekte tydens aanvanklike opleiding | Nul respons | | Glad nie | | Geringe mate | | Meerdere mate | | Ten volle | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| Vakbeleid | 0 | 0,0 | 8 | 6,5 | 39 | 31,8 | 42 | 34,1 | 34 | 27,6 |
| Skoolbeleid | 1 | 0,8 | 9 | 7,3 | 47 | 38,3 | 32 | 26,0 | 34 | 27,6 |
| Dept. stukke | 1 | 0,8 | 11 | 8,9 | 45 | 36,6 | 44 | 35,8 | 22 | 17,9 |
| Wetgewing | 1 | 0,8 | 23 | 18,7 | 38 | 30,9 | 43 | 35,0 | 18 | 14,6 |

Wanneer daar in die breë na die beantwoording van vraag 11 gekyk word, val dit op dat min of meer die helfte van die respondente van mening is dat daar tydens aanvanklike opleiding voldoende aandag aan die gestelde aspekte verleen is, terwyl die ander helfte van mening is dat daar nie voldoende aandag aan verleen is nie. Aangesien dit 'n meningsopname is wat 'n aspek van tersiêre opleiding aanspreek, word daar nie verder aandag aan verleen in hierdie hoofstuk nie.

### 3.3.2.4 Leerlinggedrag in die werkswinkel

Met **vraag 12** is die respondente se waarneming met betrekking tot leerlinggedrag in die algemeen bepaal asook leerlingoptrede in die besonder tydens werkswinkelsituasies (vgl. tabel 3.6).

Tabel 3.6 Mening van die werkswinkelonderwysers rakende leerlinggedrag

| 12. In watter mate is leerlinge | Nul respons | | Glad nie | | Geringe mate | | Meerdere mate | | Ten volle | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| Impulsief | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 | 58 | 47,2 | 57 | 46,3 | 6 | 4,9 |
| Nuuskierig | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 16 | 13,0 | 78 | 63,4 | 29 | 23,6 |
| Roekeloos | 3 | 2,4 | 7 | 5,7 | 72 | 58,6 | 33 | 26,8 | 8 | 6,5 |
| Onnutsig | 0 | 0,0 | 4 | 3,3 | 60 | 48,8 | 56 | 45,5 | 3 | 2,4 |
| Ingedagte | 1 | 0,8 | 4 | 3,3 | 82 | 66,7 | 34 | 27,6 | 2 | 1,6 |
| Onkundig | 1 | 0,8 | 10 | 8,1 | 54 | 43,9 | 51 | 41,5 | 7 | 5,7 |

Volgens die response wat ontvang is, is die volgende vasgestel:

- Op die vraag of die respondente van mening is dat leerlinge van tyd tot tyd impulsief kan optree, was 51,2% die mening toegedaan dat dit wel die geval is.
- Verder blyk dit dat 87% respondente meen dat leerlinge nuuskierig is.
- 'n Beduidende aantal respondente (64,3%) meen dat leerlinge nie roekeloos in hul optrede is nie.
- Wat betref onnutsigheid meen net meer as die helfte (52,1%) van die respondente dat dit glad nie tot in 'n geringe mate vir hulle leerlinge geld.
- Daar is 'n groot aantal respondente (70%) wat meen dat leerlinge nie eintlik ingedagte is nie.
- Daar is 52% van die respondente wat meen dat daar min of geen onkundigheid by die leerlinge bestaan oor wat nadelig vir hulself kan wees nie.

By ontleding van die gegewens is daar 'n onrusbarende tendens te bespeur. 'n Té groot persentasie respondente was nie in staat om impulsiwiteit, roekeloosheid, onnutsigheid, verstrooidheid en nadeelveroorsakende gedrag as tipiese leerlinggedrag aan te merk nie

(vgl. 2.5). In die hofsake **Transvaal Provincial Administration v Coley** 1925 AD 24 en **Knouwds v Administrateur, Kaap** 1981 1 SA 544 (K) (vgl. 2.8.3) het die regter pertinent aangedui dat hierdie tipiese voorbeelde van leerlinggedrag dikwels die oorsaak is van ongelukke.

Dit wil dus voorkom of baie van die werkswinkelonderwysers nie oor voldoende kennis beskik rakende die standpunt van ons regstelsel in verband met genoemde sake nie. Jare se ervaring in werkswinkels alleen (vgl. tabel 3.2a) is klaarblyklik nie voldoende om van die howe se standpunte kennis te neem nie. Kennis van hofuitsprake en standpunte van howe aangaande onderwysregtelike aangeleenthede kon 'n wesenlike verskil gemaak het ten opsigte van die beantwoording van die vraag.

### 3.3.2.5 Handleiding vir algemene skoolorganisasie

In **vraag 13** is aandag gegee aan die respondente se kennis aangaande sekere sake wat vervat is in die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a : hfst. 13.2.1.1 - 13.2.1.6) ten opsigte van leerlingveiligheid (vgl. tabel 3.7).

Die tabel gee 'n uiteensetting of beeld van wat die huidige situasie in elke skool in die steekproef is:

- Dit blyk dat 90,3% van die respondente aandag gee aan leerlingveiligheid en in besit is van 'n duidelike skoolbeleid.
- Aan 75,6% van die respondente word daar voldoende voorligting gegee ten opsigte van leerlingveiligheid.
- 'n Groot aantal respondente (80,5%) meen dat daar genoegsame voorligting aan leerlinge gegee word oor leerlingveiligheid.
- Wat die uitvoering van beleid ten opsigte van leerlingveiligheid betref, meen 81,3% van die respondente dat daar voldoende aandag aan gegee word.
- Ten opsigte van die uitkenning van onveilige toestande meen 87,8% van die respondente dat die saak genoeg aandag geniet.
- Daar is 'n groot aantal respondente (95,9%) wat meen dat daar genoegsame voorsorgmaatreëls getref word wat gemik is op leerlingveiligheid.
- By die toepassing van dissiplinêre maatreëls teen leerlinge by opsetlike oortreding van veiligheidsmaatreëls meen 83,8% van die respondente dat daar voldoende aandag aan gegee word.
- Dit blyk dat 91,1% van die respondente meen dat daar noukeurig rekord gehou word van alle skoolongelukke om herhaling daarvan te voorkom

Tabel 3.7 Uitvoering van sekere riglyne in die Handleiding

| 13. Aandag wat leerlingveiligheid geniet in | Nul respons | | Glad nie | | Geringe mate | | Meerdere mate | | Ten volle | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| Skoolbeleid | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 | 10 | 8,1 | 59 | 48,0 | 52 | 42,3 |
| Onderwyser-voorligting | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 | 28 | 22,8 | 60 | 48,8 | 33 | 26,8 |
| Leerling-voorligting | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 24 | 19,5 | 62 | 50,4 | 37 | 30,1 |
| Uitvoering van beleid | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 23 | 18,7 | 66 | 53,7 | 34 | 27,6 |
| Uitkenning onveilige toestande | 1 | 0,8 | 0 | 0,0 | 14 | 11,4 | 71 | 57,7 | 37 | 30,1 |
| Tref van voorsorg | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 4,1 | 73 | 59,3 | 45 | 36,6 |
| Toepassing dissiplinêre reëls | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 | 18 | 14,6 | 48 | 39,0 | 55 | 44,8 |
| Rekordering ongelukke | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 11 | 8,9 | 48 | 39,0 | 64 | 52,1 |

Uit die ontleding van die gegewens in vraag 13 en gesien teen die voorskrifte van die Handleiding van algemene skoolorganisasie blyk dit dat die respondente in feitlik al die gevalle aandag en uitvoering gee aan die voorskrifte (vgl. 2.7.2.3). Daar kan verder afgelei word dat die respondente die sake en take wat alledaags in die opvoedende onderwys van hulle verwag word, nougeset volvoer (TOD, 1993a:13.2.1.1 - 13.2.1.6). Een van die redes wat hiervoor aangevoer kan word, blyk uit tabel 3.2a, naamlik dat die respondente professioneel goed opgelei is om hul sodoende in 'n besondere mate toe te rus om hul werk bekwaam te hanteer.

'n Slotopmerking oor dié afdeling is dat die werkswinkelonderwysers oor die algemeen hul onderwystaak nougeset vervul. Baie pligte van die onderwysers is gemik op die voorkoming van leerlingbeserings. As daar gelet word op hoe min leerlinge oor 'n tydperk van drie jaar in die werkwinkels beseer word teenoor die aantal wat jaarliks daar opgelei word (vgl. tabel 3.3), verdien die voorkomende optrede van die werkswinkelonderwyser 'n pluimpie.

Dit sou goed wees as die werkswinkelonderwysers kennis neem van die howe se standpunt rakende tipiese leerlinggedrag (vgl. tabel 3.6) sodat hofsake wat verband hou met nalatigheid en leerlingbeserings, steeds verminder kan word (vgl. 2.8.3).

### 3.3.3 Afdeling C : Onderwysregskundigheid ten opsigte van sorgsame toesig

Dié afdeling het ten doel om die respondent se kundigheid rakende sekere onderwysregtelike aspekte asook departementele regulasies te bepaal.

#### 3.3.3.1 Skadevergoeding

Vraag 14 had ten doel om die werkswinkelonderwyser se kundigheid te bepaal rakende sekere voor die hand liggende onderwysregtelike aspekte met betrekking tot skadevergoeding (vgl. tabel 3.8).

Uit die respondente se antwoorde blyk die volgende:

- Van die respondente is 61,8% foutiewelik van mening dat 'n leerling of sy ouers se eis teen 'n onderwyser om skadevergoeding nie sou kon slaag indien nalatigheid bewys kan word ten opsigte van 'n emosionele skoktoestand by die leerling nie.
- Of 'n eis ten opsigte van pyn en leiding sou kon slaag het 58,6% respondente korrek gerespondeer.
- Betreffende ontsierende liggaamsmerke wat 'n leerling sou kon oorhou na 'n nalatige optrede van die onderwyser, het 60,1% respondente korrek opgemerk dat sodanige eis sou kon slaag.
- Daar was 52% van die respondente wat korrek gemeen het dat 'n leerling of sy ouer se eis teen die onderwyser om skadevoergoeding sou kon slaag ten opsigte van verlies aan lewensgenietinge by die leerling.
- Op die vraag of 'n eis sou kon slaag teen die onderwyser op grond van die verlies aan algemene gesondheid by leerlinge, het 63,4% van die respondente

gemeen dat sodanige eis om skadevergoeding wel sou kon slaag, wat 'n korrekte siening is.

- Indien nalatigheid bewys kan word, het 58,6% respondente korrek aangetoon dat die mediese uitgawes wat aangegaan is, van die onderwyser verhaal sou kon word.
- Dit blyk dat slegs 48,8% van die respondente daarvan bewus is dat 'n eis teen 'n onderwyser om skadevergoeding sou kon slaag indien nalatigheid bewys kan word ten opsigte van verlies aan inkomste en verdienvermoë.

**Tabel 3.8 Onderwysregskundigheid**

| 14. Skadevergoedingseise indien onderwyser nalatig is t.o.v. | Nul respons | | Foutief | | Korrek | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| Skoktoestand | 3 | 2,4 | 76 | 61,8 | 44 | 35,8 |
| Pyn en lyding | 3 | 2,4 | 48 | 39,0 | 72 | 58,6 |
| Ontsierende liggaamsmerke | 4 | 3,3 | 45 | 36,6 | 74 | 60,1 |
| Verlies aan genietinge | 4 | 3,3 | 55 | 44,7 | 64 | 52,0 |
| Gesondheidsverlies | 5 | 4,1 | 40 | 32,5 | 78 | 63,4 |
| Mediese uitgawes | 3 | 2,4 | 48 | 39,0 | 72 | 58,6 |
| Verlies aan toekomstige inkomste | 4 | 3,3 | 59 | 47,9 | 60 | 48,8 |

Uit die ontleding van die gegewens in vraag 14 blyk dit dat 'n groot persentasie antwoorde nie strook met wat die korrekte siening is nie (vgl. 2.11). Daar ontstaan dus 'n diskrepansie tussen die ontleding en bevindinge van vraag 3 en 4 (tabel 3.2a) en die beantwoording van vraag 14 (tabel 3.8). Met vraag 3 en 4 is bevind dat die meerderheid respondente voldoende gekwalifiseerd is en oor voldoende ervaring beskik om hul taak as sorgsame toesighouers te volvoer. Professioneel geskoolde onderwysers met baie ervaring behoort egter 'n groter mate van korrektheid in hul beantwoording

te gereflekteer het. Aangesien die vraag daarop gemik was om die respondente se kundigheid ten opsigte van sekere onderwysregtelike aangeleenthede te bepaal, behoort daar ook na die bevindinge in tabel 3.2b gekyk te word. Dit het geblyk dat slegs 21,1% van die respondente een of ander formele kennis van onderwysreg gehad het. 'n Moontlike verklaring vir die groot persentasie foutiewe antwoorde kan dalk in vraag 5 se bevinding lê.

### 3.3.3.2 Leerlingbeserings

In **vraag 15** is aandag gegee aan die respondente se kundigheid met betrekking tot sekere sake en voorskrifte wat vervat is in die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a:hfst.13.1.1-13.1.6) ten opsigte van leerlingveiligheid en die hantering van leerlingbeserings (vgl. tabel 3.9).

Tabel 3.9 Hantering van leerlingbeserings

| 15. Indien ernstig beseer, moet | Nul respons | | Foutief | | Korrek | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| Mediese hulp verskaf word | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 | 121 | 98,4 |
| Hospitaal, dokter, huis toe neem | 0 | 0,0 | 3 | 2,4 | 120 | 97,6 |
| Verwittig ouers | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 123 | 100,0 |
| Voltooi dokumente | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 123 | 100,0 |
| Afskrif na departement | 0 | 0,0 | 1 | 0,8 | 122 | 99,2 |

Indien 'n leerling ernstig beseer word terwyl hy onder toesig van die onderwyser is, strook die respondente se siening met die korrekte optrede (vgl. 2.7.2.2):

- Feitlik al die respondente (98,4%) meen dat mediese hulp verskaf moet word.

- 'n Verdere 97,6% van die respondente meld dat 'n ernstig beseerde leerling na 'n mediese dokter, hospitaal of sy ouerhuis vervoer moet word.
- Alle respondente (100%) weet dat dit altyd noodsaaklik is om die beseerde leerling se ouers van die ongeluk te verwittig, sowel as om die voorgeskrewe dokumentasie te voltooi.
- Met die uitsondering van 1 respondent het 99,2% respondente gemeen dat afskrifte van dokumentasie na die departement gestuur moet word.

Uit die ontleding van die gegewens wat verkry is uit vraag 15 en gesien teen die voorskrifte en vereistes van die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a : hfst. 13.1), wil dit voorkom of die respondente die Handleiding se vereistes baie goed ken en baie min rakende die gestelde vrae getwyfel het. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan in die response van tabel 3.2a gevind word, naamlik dat dit oor die algemeen die ouer en meer ervare persone in die werkswinkels is wat die vraelyste voltooi het. Hulle is reeds deeglik onderlê in die bepalings van die Handleiding.

Ten slotte kan vermeld word dat die respondente baie goed vertroud is met aspekte oor leerlingveiligheid in hul skool- en vakbeleid (vgl. tabel 3.4) en die uitvoering daarvan (vgl. tabel 3.9). Daar bestaan egter onduidelikheid oor leerlingveiligheid soos vervat in sekere departementele stukke en wetgewing (vgl. tabel 3.4) en die siening oor skadevergoedingseise in die geval waar die onderwyser nalatig was (vgl. tabel 3.8).

### 3.3.4 Afdeling D : Gevallestudie

Die doel met die inligting in hierdie afdeling (vgl. bylae C, vraag 16 tot 29), is om te bepaal of die respondente wel die kennis wat hulle behoort te hê, prakties kan toepas op 'n denkbeeldige situasie.

Die respondente moes die gevallestudie deurlees en dan hul mening gee deur 'n kruisie te trek in die blokkie van hul keuse.

Die betekenis van die nommers is die volgende:

1. Stem glad nie saam nie.
2. Stem in 'n geringe mate saam.
3. Stem in 'n groot mate saam.
4. Stem heelhartig saam.

Daar is reeds vooraf 'n korrekte antwoord vir elke vraag bepaal. Nommers 3 en 4 kon korrek wees en nommers 1 en 2 foutief. Dit het daartoe aanleiding gegee dat 1 en 2 telkens saamgevoeg is en 3 en 4 saamgevoeg is om korrek of foutief te konstateer.

Tabel 3.10 Gevallestudie

| | Nul respons | | Foutief | | Korrek | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| 16. In 'n regsgeding teen die onderwyser sal die ouer se aansoek om skadevergoeding waarskynlik slaag op grond van die feit dat die onderwyser nie voldoende toesig gehou het nie. | 0 | 0,0 | 79 | 64,3 | 44 | 35,7 |
| 17. Al het mnr. Sweis vooraf alle moontlike veiligheidsmaatreëls getref, kan hy verwyt word omdat sy aandag by die onderwyseres was en nie by die leerlinge nie. | 0 | 0,0 | 68 | 55,3 | 55 | 44,7 |
| 18. Daar kan waarskynlik 'n verband aangetoon word tussen die nalatigheid van die onderwyser en die ongeluk wat plaasgevind het. | 1 | 0,8 | 72 | 58,5 | 50 | 40,7 |
| 19. 'n Baie ervare sweisonderwyser soos mnr. Sweis moes voorsien het dat 'n st. 6-leerling sy bril kon afhaal. | 1 | 0,8 | 69 | 56,1 | 53 | 43,1 |
| 20. Die leerling was ongehoorsaam en die onderwyser kan nie vir die skade verantwoordelik gehou word nie. | 0 | 0,0 | 35 | 28,4 | 88 | 71,6 |
| 21. Indien mnr. Sweis verantwoordelik was vir die ongeluk, is hy aanspreeklik vir mediese koste. | 2 | 1,6 | 27 | 22,0 | 94 | 76,4 |
| 22. Indien mnr. Sweis verantwoordelik was vir skade, is hy aanspreeklik vir skadevergoeding vir pyn en lyding. | 1 | 0,8 | 75 | 61,0 | 47 | 38,2 |

| | Nul respons | | Foutief | | Korrek | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| 23. Daar rus 'n regsplig op die onderwyser om om te sien na die veiligheid van die leerlinge. | 0 | 0,0 | 78 | 63,4 | 45 | 36,6 |
| 24. Dit kan 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van 'n regsgeding indien mnr. Sweis 'n beginneronderwyser is. | 0 | 0,0 | 24 | 19,5 | 99 | 80,5 |
| 25. Dit kan 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van 'n regsgeding indien dit 'n st. 6-leerling is. | 1 | 0,8 | 88 | 71,5 | 34 | 27,7 |
| 26. Dit sal 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van 'n regsgeding indien dit 'n matriekleerling is. | 0 | 0,0 | 87 | 70,7 | 36 | 29,3 |
| 27. Daar word van 'n onderwyser verwag om redelikerwys te voorsien dat 'n st. 6-leerling impulsief en onvoorspelbaar is. | 0 | 0,0 | 80 | 65,1 | 43 | 34,9 |
| 28. Mnr. Sweis se werkgewer kan ten volle aanspreeklik gehou word vir skadevergoeding indien mnr. Sweis behoorlik toesig gehou het. | 0 | 0,0 | 39 | 31,7 | 84 | 68,3 |
| 29. Mnr. Sweis behoort 'n duidelik leesbare kennisgewing by die apparaat aan te bring waarop daar staan dat geen masjien sonder die verlof van die onderwyser gebruik mag word nie. | 0 | 0,0 | 62 | 50,4 | 61 | 49,6 |

□ **Vraag 16 (vgl. tabel 3.10)**

Alhoewel 'n ouer se aansoek om skadevergoeding teen die onderwyser waarskynlik sal slaag op grond van die feit dat die onderwyser nie voldoende toesig gehou het nie (vgl. **Knouwds v Administrateur, Kaap** 1981 1 SA 544 (K)), het slegs 35,7% respondente

die vraag korrek beantwoord. Dit blyk dat 64,3% respondente dink dat die onderwyser voldoende toesig gehou het, wat nie die geval was nie (vgl. 2.5). 'n Moontlike verklaring vir die wanopvatting kan wees dat die respondente nie duidelik besef wat die sorgsame toesighouer se rol of taak ten opsigte van leerlingveiligheid is nie (vgl. 2.5.1).

☐ **Vraag 17 (vgl. tabel 3.10)**

Daar is bevind dat 55,3% van die respondente meen dat die onderwyser nie verwyt kan word omdat sy aandag by die onderwyseres was en nie by die leerlinge nie. Die ware toedrag van sake is egter dat mnr. Sweis nog steeds sy volle aandag by die leerlingaktiwiteite moes bepaal het (vgl. 2.5). Slegs 44,7% respondente het die saak sodanig ingesien. Hieruit blyk dit dat die meeste respondente wat die vraelys voltooi het, nie ten volle besef wat mnr. Sweis se totale taak van toesighouding behels nie (vgl. 2.5.).

☐ **Vraag 18 (vgl. tabel 3.10)**

Die bevinding hier is dat 58,5% respondente die foutiewe antwoord verstrek het. Hulle is van mening dat daar geen verband aan te toon is tussen die nalatigheid van die onderwyser en die ongeluk nie. Daar kan aanvaar word dat die leerling agtelosig was om sy sweisbril van sy gesig te verwyder maar daar word pertinent genoem dat die onderwyser nalatig was. Om hierdie rede kan daar waarskynlik 'n verband aangetoon word tussen die onderwyser se optrede en die ongeluk (vgl. 2.10).

☐ **Vraag 19 (vgl. tabel 3.10)**

Die vraag of mnr. Sweis die ongeluk moes kon voorsien het omdat die leerling in standerd 6 was, het 56,1% respondente foutief laat respondeer (vgl. 2.9.3). 'n Rede hiervoor kan gevind word in die bevindinge en moontlike verklaring van vraag 12 (vgl. tabel 3.6) waar bevind is dat die oorgrote hoeveelheid respondente 'n mate van onkunde getoon het ten opsigte van die gedragspatroon van kinders (naamlik roekeloosheid, onnutsigheid, nadeelveroorsakende gedrag, verstrooidheid en impulsiwiteit) (vgl. 2.5).

☐ **Vraag 20 (vgl. tabel 3.10)**

Die leerling was ongehoorsaam deurdat hy sy sweisbril afgehaal het, maar dit verontskuldig nie die onderwyser van die voortspruitende skade nie (vgl. 2.9.3). Hierdie

aspek is deur 71,6% respondente korrek ingesien. Die minderheid respondente (28,4%) het die vraag foutief beantwoord.

□ **Vraag 21 (vgl. tabel 3.10)**

By hierdie vraag is die bevinding dat 76,4% van die respondente korrek aangetoon het dat mnr. Sweis waarskynlik aanspreeklik gehou sal word vir mediese uitgawes wat die ouers moes aangaan (vgl. 2.11). 'n Moontlike rede vir hierdie respons kan dalk in die vraagstelling self wees. Daar word eintlik gesuggereer dat die onderwyser verantwoordelik is vir die ongeluk en dus ook volle verantwoordelikheid moet aanvaar.

□ **Vraag 22 (vgl. tabel 3.10)**

Wat die onderwyser se verantwoordelikheid betref om die skade te betaal vir pyn en lyding by die leerling (vgl. 2.11), het 61,8% respondente aangetoon dat die onderwyser nie 'n finansiële verpligting teenoor die kind het nie. Soos aangetoon in tabel 3.8 (vraag 14) is dit kommerwekkend dat professioneel geskoolde persone so 'n hoë foutiewe respons op so 'n belangrike regsbeginsel lewer.

□ **Vraag 23 (vgl. tabel 3.10)**

In sekere situasies rus daar volgens die reg 'n swaarder regsplig op 'n onderwyser om na die fisieke veiligheid van die leerlinge om te sien (vgl. 2.5.1.5). Slegs 36,6% respondente het die saak so ingesien en korrek daarop gerespondeer. Die meerderheid respondente (63,4%) het foutiewelik beweer dat daar nie 'n regsplig op die onderwyser rus in sulke omstandighede nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan dalk wees dat die vraag spesifieke kennis van onderwysreg impliseer. Daar is in vraag 5 (tabel 3.2b) aangetoon dat baie min respondente oor sodanige formele kennis beskik.

□ **Vraag 24 (vgl. tabel 3.10)**

Van al die vrae in hierdie afdeling is dié vraag die beste beantwoord. Die meeste respondente (80,5%) het aangetoon dat daar geen verskil aan die afloop van die regsgeding sou wees omdat 'n beginneronderwyser betrokke was by die ongeluk nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan dalk wees dat die respondente bewus is van die bekende feit dat onkunde geen verskoning vir 'n wetsoortreding is nie. Verder kan dit wees dat alle respondente besef dat die beginneronderwyser net soveel verantwoordelikheid aan die

dag behoort te lê as een met jare se ervaring en daarom geen verskoning vir sy optrede kan aanvoer nie (vgl. 2.5).

□ **Vraag 25 (vgl. tabel 3.10)**

Die ouderdom van 'n kind speel 'n baie belangrike rol in die toerekeningsvatbaarheid van sy gedrag (vgl. 2.9.3). Slegs 27,7% van die respondente het korrek aangetoon dat die afloop van die regsgeding beïnvloed kan word omdat 'n st. 6- leerling by die ongeluk betrokke is. Die grootste groep (72,4%) respondente het die vraag foutief beantwoord. Dit is moontlik toe te skryf aan die feit dat die respondente nie bewus is van die regstegniese detail nie (vgl. tabel 3.2b vraag 5).

□ **Vraag 26 (vgl. tabel 3.10)**

Slegs 29,3% respondente het besef dat die regsgeding anders sou verloop het indien die ongeluk 'n matriekleerling sou oorkom. Die grootste groep (70,7%) het foutief gerespondeer op hierdie vraag. Daar kan volstaan word met die moontlike verklaring van vraag 25.

□ **Vraag 27 (vgl. tabel 3.10)**

Die feit dat kinders soms irrasioneel, impulsief en onnadenkend kan optree, word deur ons regstel erken (vgl. 2.5.1.3). Die onderwyser moes redelikerwys daarvoor voorsiening gemaak het omdat hy met st. 6-leerlinge gewerk het. Die meeste respondente (65,1%) het die antwoord foutief verstrek. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die respondente vermoedelik onseker is oor die howe se standpunt rakende die essensiële beginsels wat in vraag 12 aangespreek is. Daar bestaan 'n hoë korrelasie tussen die beantwoording en bevindinge van vraag 12 en die toepassing daarvan op vraag 27.

□ **Vraag 28 (vgl. tabel 3.10)**

In hierdie vraag word daar van die veronderstelling uitgegaan dat mnr. Sweis behoorlik toesig gehou het en aldus geen skuld in die ongeluk het nie. Dit word verder gestel dat mnr. Sweis se werkgewer **ten volle** aanspreeklik gehou kan word vir skadevergoeding. Dit is 'n foutiewe redenasie (vgl. 2.7.2.2). Die meerderheid respondente (68,3%) het korrek gereageer. Hulle besef klaarblyklik dat as die onderwyser se kant van die saak skoon is, dieselfde vir sy werkgewer geld.

□ **Vraag 29 (vgl. tabel 3.10)**

Wanneer die response op vraag 9.2 en 9.3 (tabel 3.4) ontleed word, blyk dit dat onderskeidelik 96,8% en 86,2% respondente aangetoon het dat hulle in 'n meerdere mate tot ten volle vertroud is met toepaslike voorskrifte aangaande werkswinkelveiligheid soos vervat in departementele stukke en die skoolbeleid. 'n Verdere 95,9% respondente het op vraag 13.6 (tabel 3.7) beweer dat hulle ten volle aandag gee aan die uitvoering van die beleidstukke soos vervat in die Handleiding vir algemene skoolorganisasie en wat gemik is op leerlingveiligheid.

Indien die respons van vraag 29 ontleed word, korreleer dit nie met die respondente se beweringe soos hierbo uiteengesit nie. Meer as die helfte (50,4%) respondente het klaarblyklik nie besef dat die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a) dit as vereiste stel om 'n kennisgewing op 'n leesbare plek in die werkswinkel aan te bring waarop die leerlinge verbied word om die kragtoevoer na masjiene aan te skakel sonder die verlof van die onderwyser nie (vgl. 2.7.2.1 en 2.5.1.5). 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die onderwysers dink hulle is vertroud met alle departementele stukke en dat hulle alles deeglik uitvoer, maar dat dit nie altyd die geval is nie. Dit kan ook wees dat die respondente gereageer het op die vrae ter sprake (tabel 3.4 vraag 9 en tabel 3.7 vraag 13) soos wat hulle besef korrek behoort te wees.

### 3.3.5 Kundigheid met betrekking tot onderwysbeleidsake en onderwysregsaspekte in die werkswinkel

Vraag 14 en 15 is nagesien deur afleiers 1 en 2 saam as foutief en afleiers 3 en 4 saam as korrek te neem. 'n Telling uit 7 en uit 5 is onderskeidelik verkry en tot 'n persentasie verwerk. Dieselfde is met vraag 16 tot 29 gedoen, waar 'n telling uit 14 verkry en daarna tot 'n persentasie verwerk is, met die uitsondering van vrae 20, 24 en 28 waar afleiers 1 en 2 as korrek en 3 en 4 as foutief geneem is.

Vraag 14 het betrekking op sekere onderwysregaangeleenthede teenoor die bepaling van die respondente se kundigheid. 'n Gemiddeld van 5,52 uit 7 (78,85%) is deur die kandidate behaal.

Vraag 15 het betrekking op sekere departementele beleidsake en die kandidate se kundigheid daaromtrent. 'n Gemiddeld van 4,95 uit 5 (99%) is behaal.

Dit blyk uit bostaande gegewens dat die respondente goed gevaar het met die vrae oor onderwysregtelike aangeleenthede en baie goed met dit wat oor departementele beleidsake (afdeling C) gehandel het (vgl. tabel 3.8 en 3.9).

Indien daar na vraag 16 tot 29 gekyk word wat 'n toepassing van beide bogenoemde sake in die werkswinkelpraktyk is, blyk dit dat die respondente baie swakker gevaar het (vgl. tabel 3.10). 'n Gemiddeld van 6,14 uit 14 (43,85%) is vir dié afdeling (afdeling D) behaal. Dit wil dus voorkom of die respondente nie in staat is om die teorie in die praktyk te kan toepas nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan dalk gevind word in die feit dat slegs 8,9% respondente oor 'n amptelike kwalifikasie in onderwysreg beskik (vgl. tabel 3.2b).

## 3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar eerstens aandag gegee aan die navorsingsontwerp. Onder hierdie punt is aangetoon waarom 'n posvraelys in die navorsing gebruik is. Vervolgens is die konstruksie van die vraelys in detail bespreek waarna die loodsondersoek en die finalisering van die vraelys aan die orde gekom het. Die bepaling van die populasie is verder ook bespreek asook die terugvoerresponse. Daarna het die statistiese tegniek wat gebruik is om die data mee te analiseer, gevolg.

In dié hoofstuk het tweedens die interpretering van die data gevolg. Uit die data het enkele belangrike resultate geblyk. Aan hierdie resultate/bevindinge word in hoofstuk 4 aandag gegee (vgl. 4.3.2).

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting gegee van die vorige hoofstukke waarna die belangrikste bevindinge uit sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek sal volg. Laastens word aanbevelings gemaak wat verband hou met die navorsingsdoelwitte en die bevindinge wat voortspruit uit hierdie navorsing.

### 4.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is aangetoon dat die versuim van die onderwyser om sy sorgsame toesighoudingsplig na behore te volvoer daartoe aanleiding kan gee dat die leerling vermoënskade of persoonlikheidsnadeel kan ly. Verder is die mate bepaal waarin daar 'n besondere regsplig op die werkswinkelonderwyser rus, asook die kundigheid wat van hom verwag word om aan sy beroepseise te voldoen.

In hoofstuk 2 is die onderwysregtelike aard van toesighouding bespreek. Aandag is gegee aan die religieuse opdrag aan die ouer sowel as die onderwyser tot sorgsame toesighouding. Verder is gefokus op die kenmerke van die sorgsame onderwyser asook die gemeenregtelike, statutêre en regsprekende opdrag tot sorgsame toesig. Laastens is gekyk na die elemente van deliktuele aanspreeklikheid, naamlik handeling, onregmatigheid, skuld, kousaliteit en skade.

Hoofstuk 3 het gehandel oor die empiriese ondersoek. Daar is gebruik gemaak van 'n posvraelys as meetinstrument nadat die redes daarvoor, asook die voor- en nadele daarvan, bespreek is. Hierna is aandag gegee aan die konstruksie van die vraelys, die loodsvraelys, die finale vraelys, administratiewe prosedure, die studiepopulasie en statistiese tegnieke. Die gegewens is geïnterpreteer onder biografiese en algemene gegewens, waaruit enkele afleidings en moontlike verklarings gemaak is.

## 4.3 BEVINDINGE

### 4.3.1 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1

Ten opsigte van navorsingsdoelwit 1 (vgl. 1.3) naamlik om uit die literatuur die onderwysregtelike aard van sorgsame toesighouding te bepaal, is die volgende bevind:

- Sorgsame toesig is deel van die mens se religieuse opdrag (vgl. 2.3).
- Sowel die ouer as die onderwyser het 'n plig tot sorgsame toesig (vgl. 2.4 en 2.5).
- Sorgsame toesig van die onderwyser behels dat hy sal optree soos **'n diligens paterfamilias** en **bonus paterfamilias** (vgl. 2.5.1.1 en 2.5.1.2). Voorafgaande impliseer dat hy die veiligheidsmaatreëls asook die gevaarsituasies van sy vakgebied moet ken en die leerlinge behoorlik daarin moet onderlê.
- Daar word van die werkswinkelonderwyser verwag om die wesensaard van die kind, asook die gevare waaraan die kind blootgestel word, te ken. Dit impliseer dat die werkswinkelonderwyser kundig sal wees rakende die eise van sy beroep en nie nalatig sal optree nie (vgl. 2.5.1.4 tot 2.5.1.7).
- Volgens die gemene reg het die onderwyser ook 'n **in loco parentis**-rol wat hy moet vervul. Dit behels dat hy vir die tydperk wat die leerling onder sy sorg geplaas is as plaasvervangende ouer, op sorgsame wyse na hom moet omsien. Genoemde posisie verleen aan die onderwyser 'n bevoegdheid en verpligting tot gesaghandhawing (vgl. 2.6.1).
- Uit statutêre bepalings op sowel nasionale as provinsiale vlak het dit geblyk dat daar 'n aantal veiligheidsmaatreëls en prosedures is waarvan die werkswinkelonderwyser kennis moet neem en wat hy moet nakom (vgl. 2.7).
- Ooreenkomstig die regsprekende opdrag bestaan daar, kragtige ondersteuning vir die statutêre bronne met vaste beginsels rakende sekere aspekte van die opvoedende onderwys, veral om die werkwinkelonderwyser se taak te belig en te begrens (vgl. 2.8).
- Daar is aangetoon dat die elemente van aanspreeklikheid die volgende is: handeling, onregmatigheid, skuld, kousaliteit en skade (vgl. 2.9).
- Daar bestaan duidelike vorme van onregmatige optrede wat dit as 'n delik kenmerk en wat aanspreeklikheid vestig (vgl. 2.9).
- Ten einde 'n handeling as 'n element van aanspreekliheid aan te merk, moet dit 'n willekeurige menslike doen of late wees (vgl. 2.9.1). Indien die werkswinkelonderwyser byvoorbeeld sou versuim om die veiligheidskerm van 'n rolsaag terug te plaas na gebruik en 'n leerling word as gevolg daarvan benadeel, kan sy versuim as 'n nalatige handeling aangemerk word (vgl. 2.9.1).

- Indien 'n persoon onteenseglik feitelik benadeel is en dié nadeel het op 'n ongeoorloofde of onregmatige wyse ingetree, kan sodanige optrede deliktuele aanspreeklikheid beteken (vgl. 2.9.2).
- Indien daar sekere statutêre verpligtinge op die onderwyser rus, of sy optrede is 'n daadwerklike gevaarskeppende handeling, of hy versuim om beheer oor gevaarlike voorwerpe uit te oefen, of hy versuim die nakoming van die regsplig wat op hom rus om sorgsaam na die leerlinge onder sy toesig om te sien, kan sy optrede van regsweë as onregmatig aangemerk word (vgl. 2.9.2.1).
- Skuld het te make met die verwytbare gesindheid van die dader en omvat twee verskyningsvorme, naamlik opset en nalatigheid (vgl. 2.9.3.1 en 2.9.3.2).
- Die toets vir nalatigheid (redelike man-toets) vind sy gesaghebbendste formulering in die saak **Kruger v Coetzee** 1966 (2) SA 428 (A) (vgl. 2.9.3.2).
- Indien 'n ongeluk toegeskryf word aan die onregmatige en skuldige optrede van die onderwyser én die leerling, word daar van medewerkende skuld gepraat (vgl. 2.9.3).
- 'n Persoon word oor die algemeen as ontoerekeningsvatbaar bestempel indien hy geestesongesteld, dronk, verdoof, woedend weens provokasie of jeugdig is (vgl. 2.9.3).
- Kousaliteit kan as die verband tussen die handeling en gevolg omskryf word (vgl. 2.10).
- In die Suid-Afrikaanse reg is die uitgangspunt by skadedraging dat die skade rus waar dit val, wat impliseer dat 'n benadeelde persoon in beginsel die skade self moet dra. 'n Uitsondering is in die geval wanneer die nadeel deur die onregmatige en skuldige optrede van 'n ander persoon veroorsaak is, wat impliseer dat hy dan daarvoor aanspreeklik gehou sal word (vgl. 2.11).

### 4.3.2 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 2

Uit die bevindinge van navorsingsdoelwit 2 (vgl. 1.3), naamlik om empiries te bepaal hoe kundig die werkswinkelonderwyser ten opsigte van sy sorgsame toesighoudingstaak is, het die volgende geblyk:

- Slegs 21,1% respondente het aangetoon dat hulle oor die een of ander formele kennis in onderwysreg beskik (vgl. tabel 3.2b).
- Uit die ondersoek blyk dit dat 82,9% respondente bewus is van die feit dat daar veiligheidskomitees by die skole moet funksioneer wat minstens kwartaalliks moet vergader (vgl. tabel 3.3).

- Die meeste respondente (70,7%) toon aan dat hulle vertroud is met wetgewende voorskrifte terwyl 86,2% respondente bewus is van departementele stukke (vgl. tabel 3.4). By die toepassing van die inligting het dit egter geblyk dat die respondente nie die teorie en die praktyk by mekaar kan uitbring nie (vgl. tabel 3.6, 3.8, 3.10).
- Daar is deur 53,7% respondente aangetoon dat veiligheidsaspekte in departementele stukke voldoende aandag tydens hulle aanvanklik opleiding geniet het. Slegs 49,6% het aangetoon dat die opleiding rakende wetgewing en veiligheidsaspekte voldoende was (vgl. tabel 3.5). 'n Deegliker opleidingsprogram tydens aanvanklike opleiding kon moontlik 'n verskil gemaak het aan die beantwoording van die gevallestudievrae (vgl. tabel 3.10).
- Daar bestaan onduidelikheid by die respondente rakendedie volgende vorme van leerlinggedrag: impulsiwiteit, roekeloosheid, onnutsigheid, onnadenkenheid en nadeelveroorsakende gedrag vir die leerling self (vgl. tabel 3.6).
- Die ondersoek toon dat die vereistes wat in die Handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1993a)gestel word rakende leerlingveiligheid en leerlingbeserings, nougeset uitgevoer word (vgl. tabel 3.7 en 3.9).
- Die meerderheid respondente (61,8%) is blykbaar nie bewus van die feit dat 'n skadevergoedingseis teen 'n nalatige personeellid sou kon slaag indien bewys kan word dat die leerling aan emosionele skok of senuskoktoestand ly nie (vgl. tabel 3.8). Dit is 'n weerspreking van die gegewens in tabel 3.4 waarin 70,7% respondente aangetoon het dat hulle vertroud is met voorskrifte soos vervat in wetgewing.
- Dit blyk uit die gevallestudie dat by slegs 4 van die 14 vrae die meerderheid respondente die korrekte respons aangedui het. Dit is 'n weerspreking van die bevindinge in tabel 3.4. Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geblyk dat die respondente nie oor die vermoë beskik om die teorie en die praktyk by mekaar uit te bring nie (vgl. tabel 3.10).

## 4.4 AANBEVELINGS

Aangesien navorsingsdoelwit 3 handel oor maatstawwe vir die werkswinkelonderwyser om effektief in die praktyk op te tree, word dit onder aanbevelings hanteer.

### 4.4.1 Aanbeveling 1

Ten opsigte van navorsingsdoelwit 3 (vgl. 1.3), naamlik om aanbevelings te maak vir die werkswinkelonderwyser vir sorgsame toesighouding, kan die volgende genoem word:

- Algemene veiligheidsmaatreëls ten opsigte van masjienveiligheid behoort in elke vakonderwyser se veiligheidsleêr geplaas te word.
- 'n Afskrif van alle omsendskrywes wat handel oor werkswinkelveiligheid, beroepsgesondheid en -veiligheid en NOSA-inligting behoort in die werkswinkelonderwyser se veiligheidsleêr te wees.
- Riglyne rakende leerlingveiligheid, ongeluksvoorkoming, hantering van ongelukke en ongeluksverslae behoort in die veiligheidsleêr te wees.
- Pligstate van veiligheidsverteenwoordigers moet in die vakleêr geplaas word.
- Gesondheids- en veiligheidsverslae behoort jaarliks aan inspekteurs van die Departement Mannekrag voorgelê te word vir kommentaar en aanbevelings om gelyke standaarde te verseker.
- Riglyne en relevante omsendskrywes in verband met werkswinkel- en leerlingveiligheid behoort gereeld op vakvergaderings behandel te word.
- Onderwysers moet opnuut kennis neem van die standpunte van die howe rakende tipiese leerlinggedrag, asook die tipes skade waarvoor geëis kan word, en moet dit in hulle veiligheidsleêr hou.
- Afskrifte van brosjures, skrywes en dokumente wat by streekskursusse en simposia rakende sorgsame toesig in werskwinkels, onderwysreg, veiligheid van leerlinge asook beroepsgesondheid en veiligheid handel, behoort in die werkswinkelonderwyser se veiligheidsleêr geplaas te word.

### 4.4.2 Aanbeveling 2

Daar behoort by die inisiële opleiding van werkswinkelonderwysers meer aandag aan die onderwysregtelike aspekte van sy taak gegee te word.

Alle vakke hou nie dieselfde mate van gevaar vir leerlingveiligheid in nie en daarom behoort vakspesifieke onderwysregaangeleenthede met die studente behandel te word. Uit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat slegs 49,6% respondente voel dat hul opleiding rakende wetgewing voldoende was. Daarom behoort onderwysregsbeginsels en toepaslike begrippe en aangeleenthede (vgl. aanbeveling 2) met studente in werksessies tuisgebring te word sodat hulle ook kan leer om die teorie en die praktyk by mekaar uit te bring.

### 4.4.3 Aanbeveling 3

Daar behoort deur middel van omsendskrywes van die vakkomitee, asook insette van onderwysregkundiges, kort kursusse by die onderwysersentrums, streekkursusse en indiensopleidingsprogramme aangebied te word. Dit sal help om die onderwysregtelike aspekte van sy beroep vir die bestaande praktiserende werkswinkelonderwyser te belig.

Uit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat die respondente probleme ondervind om hul kundigheid as sorgsame toesighouers in die werkswinkel, asook hul kennis rakende departementele stukke wat handel oor onderwysregtelike aspekte, prakties toe te pas.

### 4.4.4 Aanbeveling 4

Inspekteurs van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid behoort op ooreengekome tye (jaarliks/kwartaalliks) behulpsaam te wees by die onderskeie skole se werkswinkels om veiligheids- en gesondheidstoestande te help verbeter. Hulle moet ook behulpsaam wees met die evaluasierapporte van die veiligheidsverteenwoordiger.

Aangesien die inspekteurs baie instansies besoek en hulle intens gemoeid is met die beheer en toesig volgens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet No. 85, 1993), kan hulle waardevolle insette lewer by die skole om die beroepsgesondheid- en veiligheidsverteenwoordigers se hande te sterk en om sodoende 'n groter eenvormigheid te bewerkstellig.

## 4.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

- Die werkswinkelonderwyser wat huidiglik in die praktyk staan, is in 'n groot mate onkundig en onseker oor onderwysregaangeleenthede. Hulle ondervind ook probleme om die teorie en praktyk by mekaar uit te bring. Indiensopleidingsprogramme wat hierdie probleem aanspreek, kan nagevors word.
- Voornemende onderwysers aan tersiêre inrigtings (Onderwyskollege Potchefstroom en Onderwyskollege Pretoria) ontvang tans in hulle vierde jaar opleiding in onderwysreg as 'n vakmodule. Dit is egter ontoereikend vir sekere vakrigtings, soos byvoorbeeld dié van die werkswinkelonderwyser wat met gevaarlike masjiene werk. 'n Opleidingsprogram wat betrekking het op terreine wat besondere risiko's inhou, kan opgestel en nagevors word.

## 4.6 SLOTOPMERKING

Uit die studie het dit geblyk dat daar 'n groot leemte bestaan by die praktiserende werkswinkelonderwyser aangaande die toepassing van onderwysregtelike beginsels in die praktyk. Die probleem behoort dringend op twee vlakke aangespreek te word, naamlik by die voornemende toetreder tot die onderwysprofessie én by die reeds praktiserende onderwyskorps. Dit is belangrik om die klem van opleiding en indiensopleiding te laat val op die reeds geïdentifiseerde hoë-risiko-vakke en -aktiwiteite.

# BIBLIOGRAFIE


ADAMS, N. 1984. Law and teachers today. 2nd ed. Johannesburg : Hutchinson.

BARRELL, G.P. & PARTINGTON, J.A. 1985. Teachers and the law. London : Methuen.

BECKMANN, J.L. 1989. Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser. (*In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L.Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G.1989. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: Van der Walt. p. 51 - 75.)

BOBERG, P.Q.R. 1977. The law of persons and the family. Wynberg : Juta.

BOTHA, P. 1994. Die onderwyser as sorgsame toesighouer. (*In* Oosthuizen, I.J., *red.* Onderwysregsaspekte vir onderwysbestuur. Pretoria : Van Schaik. p. 75 - 92.

BRAY, W. 1988. Juridiese aspekte van onderwys-, skool-en klasbestuur. Pretoria : Unisa.

BRAY, W., VAN WYK, J.G. & OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Regspraak oor die onderwys. Durban : Butterworths.

BYBEL. 1983. Die Bybel : nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

DE VILLIERS, L. 1982. Nalatigheid en die kind - geregtelike beskouing. *NEON*, 82(38) : 17 - 20, April.

DE WET, J.J., MONTHEITH, J. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1987. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. 'n Inleiding tot empiriese navorsing. Pretoria : Butterworths.

DE VRIES, C.G. 1986. Die prinsipiële reg van die ouer tot betrokkenheid by die opvoedende onderwys van sy kind. (*In* De Vries, C.G., Basson, A.J. & Steyn, J.C. Aktuele temas in die fundamentele opvoedkunde. Durban : Butterworths. p. 1 - 31.)

ENGLARD, I. 1993. The philosophy of tort law. Aldershot : Dartmouth.

FISCHER, L., SCHIMMEL. D. & KELLY, C. 1987. Teachers and the law. New York : Longman.

FUCHS. J.W. 1971. Kramer's woordenboek, Latyn Latyn Nederlands. Den Haag : Van Goor.

GAUERKE, W E . 1965. School law. New York : The Centre for Allied Research in education.

HAT
kyk
ODENDAL, F.F., *red.*

HOFVERSLAE

Alston v Marine & Trade Insurance Co Ltd 1964 (4) SA 112 (W)

Broom and Another v The Administrator, Natal 1966 (3) SA 505 (D)

Knouwds v. Administrateur, Kaap 1981 (1) SA 544 (K)

Kruger v. Coetzee 1966 (2) SA 428 (A)

Rusere v. The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (RSC)

S v. Chipinge Rural Council 1989 (2) SA 342

Transvaal Provincial Administration v. Coley 1925 AD 24

HOSTEN, J.W & BOSMAN, F. 1979. Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer. Durban : Butterworths.

HUMAN, M.C. 1986. Bestuursopleiding vir onderwysstudente in die tegniese studierigting. Johannesburg. (Skripsie (M.Ed) - R.A.U.)

KHAN, A.N. & WILLIAMS, P. 1993. The liability in negligence of teachers and schools in Australia. *Education and the Law*, 5(3):155-163.

KRUGER, J.G. & CALITZ, L.P. 1992. Toesig en beheer oor leerlinge tydens opvoedkundige toere : 'n juridiese perspektief. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 12(2):152-157.

KRUGER, J.H. & KRAUSE, F.J.L. 1972. Kind en skool. Potchefstroom : Pro Rege-pers Beperk.

LANDMAN, W.A., *red.* 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban : Butterworths.

LEIGHTON, P. 1992. Schools and employment law. Great Brittain : Page Bros, Norwich.

LOOTS, Z.B. 1992. Die onderwys as professie. (*In* Van der Westhuizen, P.C., Loots, Z.B., Mentz, P.J., Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. 1992. Die beginner-onderwyser : 'n Bestuursmatig-juridiese perspektief. Durban : Butterworths. p. 11 - 34.)

McKERRON, R.G. 1971. The law of delict. Kaapstad : Juta.

NASIONALE BEROEPSVEILIGHEIDSVERENIGING. 1987. Vrae en antwoorde oor beroepsveiligheid. Pretoria.

NEETHLING, J., POTGIETER, J.M. & VISSER, P.J. 1992. Deliktereg. Durban : Butterworths.

NOSA
kyk
NASIONALE BEROEPSVEILIGHEIDSVERENIGING

ODENDAL, F.F., *red.* 1981. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

OLIVIER, N.J.J. 1978. Die aksie weens die nalatige veroorsaking van pyn en lyding : 'n Regshistoriese ondersoek met 'n regsvergelykende ekskursus. Leiden : s.n.

OOSTHUIZEN, I.J. & BONDESIO, M.J. 1988. Die reg in die onderwyspraktyk. Pretoria : Academica.

OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Die onderwyser en die ouer-gemeenskap. (*In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. 1989. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria : Van der Walt. p. 103 - 122.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1992. Die onderwyser en die leerling. (*In* Van der Westhuizen, P.C., Loots, Z.B., Mentz P.J., Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. 1992. Die Beginner-onderwyser : 'n Bestuursmatig-juridiese perspektief. Durban: Butterworths. p. 71 - 108.)

OOSTHUIZEN, J.J. 1992. Die aanspreeklikheid van die onderwyser as 'n toesighouer by die skool se buitemuurse aktiwiteite. Potchefstroom. (Skripsie (M.Ed.) - PU vir CHO.)

OOSTHUIZEN, L. 1990. Die regte en verpligtinge van die onderwyser : Skoolreëls. (*In* Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies. p. 2 - 18.)

OOSTHUIZEN, L. & OOSTHUIZEN I.J. 1994. Wetgewing. (*In* Oosthuizen, I.J., *red.* Onderwysregsaspekte vir onderwysbestuur. Pretoria : Van Schaik. p. 20 - 40.)

PARTINGTON, J. 1984. Law and the new teacher. London : Holt, Rinehart & Winston.

PIETERSEN, H. 1988. Beginsels van vraelyskonstruksie. (*In* Couper, M.P., Smit, P.C., Stoker, D.J. & Strasheim, A. Inleiding tot opnamemetodologie. Pretoria : RGN.)

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS. 1988. Die Onderwysregteorie as grondslag vir "Opskudding op Swernoot". 'n Werkstuk in gedoseerde M.Ed (Onderwysbestuur). Potchefstroom. p.3.

PRINSLOO, J.G. 1986. Onderwysbestuur: 'n juridiese perspektief. Transvaalse Onderwysersvereniging. Hoofbestuursvergadering 22 Maart 1986. Pretoria.

PRINSLOO, J.G. & BECKMANN, J.L. 1987. Die onderwys en die regte en pligte van ouers, onderwysers en kinders : 'n Inleidende oriëntering. Kaapstad : Lex Patria.

REINECKE, M.F.B. 1974. Enkele opmerkinge oor die begrip skade in die Suid-Afrikaanse privaatreg. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.

REUTTER, E.E. 1981. Schools and the law. Virginia: National Association of Secondary School Principals.

SCOTT, L.B. & BECKMANN, J.L. 1988. Medeverantwoordelik-heid vir onderwysbesluitneming. Kaapstad : Lex Patria.

SAOR
kyk
SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES

SAS INSTITUTE INC. 1985. SAS user's guide. 5th edition. Cary : SAS Institute Inc.

SHOOP, R.J. & DUNKLEE, D.R. 1992. School law for the principal. Boston : Allyn & Bacon.

SPIRO, E. 1971. Law of parent and child. Cape Town : Juta.

STRAHAN, R.D. & TURNER, L.C. 1987. The courts and the schools. New York : Longman.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid no. 6 van 1983. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1993. Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid no. 85 van 1993. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1985. Handleiding vir die gebruik deur geregistreerde onderwysers en ander belanghebbende persone en liggame. Pretoria : Sigma.

TEICHLER, M.G. 1982. Enkele bestuursfunksies van die sekondêre skoolhoof met spesiale verwysing na interpersoonlike verhoudingstigting. Potchefstroom : (Proefskrif (D.Ed.) PU vir CHO.)

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993a. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993b. Omsendbrief 19 van 1993. Pretoria.

VAN DER MERWE, N.J. & OLIVIER, P.J.J. 1989. Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg. Pretoria : J.P.van der Walt.

VAN DER VYVER, J.D. & JOUBERT, D.J. 1985. Persone- en familiereg. Kaapstad : Juta.

VAN DER WALT, J.C. 1979. Delict : principles and cases. Durban : Butterworths.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN DER WALT, I.D. 1983. Die opvoedingsgebeure : 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Bailliepark : Mediapublikasies.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1992. Navorsingsmetodologie vir onderwysbestuur. Potchefstroom. (M.Ed. Klasaantekeninge.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. & OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Ontologiese perspektief op onderwysreg. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 9(4) : 743-751.

VAN RENSBURG, A.D.J. 1972. Normatiewe voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstaf in die privaatreg. Durban : Butterworths.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

VAN WYK, J.G. 1986a. Die bronne van onderwysreg. (*In* Badenhorst, D.C., *red.* Skoolbestuur : die rol en taak van die onderwyser. Pretoria : HAUM. p. 128-139.)

VAN WYK, J.G. 1986b. Juridiese aspekte van onderwysbestuur. (*In* Badenhorst. D.C. *red.* Skoolbestuur : die rol en taak van die onderwyser. Pretoria : HAUM. p. 140 - 152.)

VAN WYK, J.G. 1987. Onderwysreg vir die onderwyser. Pretoria : Academica.

VAN WYK, J.H. 1973. Religie, opvoedkunde en opvoeding. PU vir CHO : Pro Rege.

VOGELAAR, D. & BREGMAN, C. 1984. School, maatschappij en cultuur in bijbels licht. Houten : Den Hertog.

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek)

WIECHERS, M. 1984. Administratiefreg. 2de uitgawe. Durban : Butterworths.

WILLE, G. 1945. Principles of South African law. Publisher unknown.

# BYLAE A

## BRIEF AAN DIREKTEUR VAN ONDERWYS, TOD

Marthinus Wesselstraat 2
Potchefstroom
2520

Tel: 0148 - 25116 (Kollege)
0148 - 2946026 (Huis)

1993-09-30

Die Direkteur van Onderwys
Transvaalse Onderwysdepartement
Privaatsak X76
Pretoria
0001

Geagte Dr. Mattheus

Hiermee doen ek aansoek om toestemming te verkry vir die uitstuur van 'n vraelys na alle Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal. Die vraelys moet voltooi word deur alle departementshoofde praktiese en tegniese vakke, sowel as die werkswinkel-onderwysers wat in beheer staan van die werkswinkel.

Die doel met die vraelys is om inligting te bekom oor die onderwysregtelike aard van sorgsame toesighouding en om die werkswinkelonderwyser se kundigheid te bepaal ten opsigte van sy toesighoudingstaak. Die inliging word benodig vir die gedeeltelike voltooiing van die graad M.Ed in Onderwysbestuur aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

U goedkeuring van hierdie aansoek word hoog op prys gestel.

By voorbaat dank

Die uwe

______________________________

**P.L. ELS**

# BYLAE B

## TOESTEMMINGSBRIEF VAN TOD

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT
ONDERWYSNAVORSINGSBURO

Navrae:
Enquiries: Dr. M.M.E. Mattheus
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2/89/93
Tel.: (012) 317-4064

TOD-gebou
TED Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
PRETORIA 0001

1 Oktober 1993

Mnr. P.L. Els
Borchardstraat 37
POTCHEFSTROOM
2520

Geagte mnr. Els

**SORGSAME TOESIGHOUDING VAN DIE WERKSWINKELONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN LEERLINGVEILIGHEID**

U skrywe, gedateer 1993-09-30, asook u besoek aan die Onderwysnavorsingsburo op 1993-09-30, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen hiermee aan u toestemming om gedurende die vierde kwartaal van 1993 'n vraelys deur departementshoofde en werkswinkelonderwysers van al die Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal te laat invul.

Die toestemming is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde, voorsitters van bestuursliggame, departementshoofde en onderwysers verkry. Deelname aan u ondersoek moet op 'n vrywillige basis geskied.
- U moet hierdie brief aan die skoolhoofde, voorsitters van bestuursliggame, departementshoofde en betrokke onderwysers toon as bewys daarvan dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag dit nie gebruik om hulle samewerking te probeer afdwing nie.
- 'n Brief aan skoolhoofde, voorsitters van bestuursliggame, departementshoofde en betrokke onderwysers waarin die doel met die navorsing baie kortliks uiteengesit word, moet die vraelys vergesel.

- Die name van skole, onderwysers en departementshoofde mag nie in u navorsing vermeld word nie.

Na voltooiing van u navorsing moet u die Departement asseblief van 'n gebinde kopie daarvan voorsien. Ons sal dit waardeer as u 'n artikel wat op u navorsing gebaseer is, vir moontlike publikasie in die **Onderwysbulletin** aan ons kan voorlê.

Verwys asseblief in enige toekomstige korrespondensie met die Transvaalse Onderwysdepartement in hierdie verband na die TOA-nommer, soos op die brief aangedui.

Sterkte met u navorsing.

mmE Matthews

namens UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS

# BYLAE C

## VRAELYS

Departement Technika
Onderwyskollege
Potchefstroom
2520

2 Oktober 1993

Geagte Skoolhoof

**Vraelys: SORGSAME TOESIGHOUDING EN LEERLINGVEILIGHEID**

U word vriendelik versoek om die meegaande vraelys en terugsendingskoevert aan die Departementshoof Praktiese Vakke, Departementshoof Tegniese Vakke en senior werkswinkelonderwyser van u skool te oorhandig vir beantwoording. Dit behoort nie meer as tien minute van sy tyd in beslag te neem nie.

Skriftelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry vir die sirkulering van hierdie vraelys. Indien u 'n afskrif daarvan verlang, kan dit op versoek aan u gestuur word.

Die vraelys moet my asseblief nie later as 15 Oktober bereik nie.

Dankie vir u goedgunstige samewerking in verband met hierdie belangrike saak.

Kollegiale groete

Die uwe

---

**P.L. ELS**
(Waarnemende Departementshoof)

Tel 0148-2946026

Vraelysnommer: | | | | (1-3)
Kaartnommer: 1 (4)

# VRAELYS

Sal u asseblief die onderstaande vraelys voltooi. Dit sal nie langer as 10 minute van u tyd in beslag neem nie. U moet asseblief nie u naam op enige van die bladsye verstrek nie, aangesien die inligting slegs vir navorsingsdoeleindes benodig word, en ook omdat die inligting as vertroulik hanteer word.

## AFDELING A: BIOGRAFIESE GEGEWENS

Voltooi die vrae deur slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak.

1. Huidige pos:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Departementshoof | | 1 | (5) |
| Onderwyser | | 2 | |

2. Ouderdom:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Jonger as 25 jaar | | 1 | (6) |
| 26 - 30 jaar | | 2 | |
| 31 - 35 jaar | | 3 | |
| 36 - 45 jaar | | 4 | |
| 46 - 55 jaar | | 5 | |
| Ouer as 55 jaar | | 6 | |

3. Ervaring as werkswinkelonderwyser:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0 - 3 jaar | | 1 | (7) |
| 4 - 8 jaar | | 2 | |
| 9 - 12 jaar | | 3 | |
| Meer as 12 jaar | | 4 | |

| 4. Kategorie-indeling: | | | |
|---|---|---|---|
| C | | 1 | (8) |
| D | | 2 | |
| E | | 3 | |
| F | | 4 | |
| G | | 5 | |

| 5. Het u enige opleiding in Onderwysreg? | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Geen | 1 | 2 | (9) |
| Kursus bygewoon | 1 | 2 | (10) |
| VDO: Onderwysbestuur | 1 | 2 | (11) |
| B.Ed. met Onderwysreg | 1 | 2 | (12) |
| M.Ed. met Onderwysreg | 1 | 2 | (13) |

## AFDELING B: VEILIGHEIDSDETERMINANTE IN DIE WERKSWINKEL

| 6. Aantal leerlinge per jaar wat in die werkswinkels opgelei word? | | | |
|---|---|---|---|
| Minder as 50 | | 1 | (14) |
| 51 - 100 | | 2 | |
| 101 - 150 | | 3 | |
| 151 - 200 | | 4 | |
| Meer as 200 | | 5 | |

| 7. Hoeveel leerlinge is in die afgelope drie jaar in die werkswinkel beseer? | | | |
|---|---|---|---|
| Geen | | 1 | (15) |
| Minder as 10 | | 2 | |
| 11 - 15 | | 3 | |
| 16 - 20 | | 4 | |
| Meer as 20 | | 5 | |

| 8. Hoe dikwels word vergaderings van die veiligheidskomitee gehou? | | | |
|---|---|---|---|
| Weekliks | | 1 | (16) |
| Maandeliks | | 2 | |
| Kwartaalliks | | 3 | |
| Halfjaarliks | | 4 | |
| Jaarliks | | 5 | |
| Word nie gehou nie | | 6 | |

Gee by die volgende vrae u mening deur 'n kruisie te trek in die blokkie van u keuse.

Die betekenis van die nommers is die volgende:

1. Glad nie.
2. In 'n geringe mate.
3. In 'n meerdere mate.
4. Ten volle.

| | Glad nie | Geringe mate | Meerdere mate | Ten volle | |
|---|---|---|---|---|---|
| 9. In watter mate is u vertroud met toepaslike voorskrifte met betrekking tot veiligheid in die werkswinkel, soos vervat in: | | | | | |
| Vakbeleid | 1 | 2 | 3 | 4 | (17) |
| Skoolbeleid | 1 | 2 | 3 | 4 | (18) |
| Departementele stukke (bv. Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie) | 1 | 2 | 3 | 4 | (19) |
| Wetgewing | 1 | 2 | 3 | 4 | (20) |
| 10. In watter mate voer u voorskrifte, soos onder meer vervat in beleidstukke, departementele handleidings en wetgewing, noukeurig uit? | 1 | 2 | 3 | 4 | (21) |
| 11. In watter mate is daar tydens aanvanklike opleiding aandag gegee aan veiligheidsaspekte ten opsigte van die werkswinkel, soos vervat in: | | | | | |
| Vakbeleid | 1 | 2 | 3 | 4 | (22) |
| Skoolbeleid | 1 | 2 | 3 | 4 | (23) |
| Departementele stukke (bv. Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie) | 1 | 2 | 3 | 4 | (24) |
| Wetgewing | 1 | 2 | 3 | 4 | (25) |

| | Glad nie | Geringe mate | Meerdere mate | Ten volle | |
|---|---|---|---|---|---|
| 12. In watter mate meen u dat leerlinge: | | | | | |
| Van tyd tot tyd impulsief optree | 1 | 2 | 3 | 4 | (26) |
| Nuuskierig is | 1 | 2 | 3 | 4 | (27) |
| Roekeloos op hulleself kan wees | 1 | 2 | 3 | 4 | (28) |
| Onnutsig is | 1 | 2 | 3 | 4 | (29) |
| Ingedagte is | 1 | 2 | 3 | 4 | (30) |
| Onkundig is oor wat nadelig vir hulleself kan wees | 1 | 2 | 3 | 4 | (31) |
| 13. In watter mate word daar in u skool aan die volgende aandag gegee? | | | | | |
| 'n Duidelike skoolbeleid oor leerlingveiligheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (32) |
| Voorligting aan onderwysers t.o.v. leerlingveiligheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (33) |
| Voorligting aan leerlinge oor leerlingveiligheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (34) |
| Die uitvoering van beleid, veral t.o.v. leerlingveiligheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (35) |
| Die uitkenning van onveilige toestande | 1 | 2 | 3 | 4 | (36) |
| Die tref van voorsorgmaatreëls gemik op leerlingveiligheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (37) |
| Die toepassing van dissiplinêre maatreëls teen leerlinge by opsetlike oortreding van veiligheidsmaatreëls | 1 | 2 | 3 | 4 | (38) |
| 'n Noukeurige rekord van alle skoolongelukke om herhaling te voorkom | 1 | 2 | 3 | 4 | (39) |

## AFDELING C: ONDERWYSREGSKUNDIGHEID T.O.V. SORGSAME TOESIG

Die betekenis van die nommers by die volgende vrae is soos volg:

1. Glad nie.
2. Af en toe.
3. Meestal.
4. Altyd.

| | Glad nie | Af en toe | Meestal | Altyd | |
|---|---|---|---|---|---|
| 14. 'n Leerling of sy ouer se eis teen 'n onderwyser om skadevergoeding sou kon slaag indien nalatigheid bewys kan word ten opsigte van: | | | | | |
| Skoktoestand by die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | [illegible] |
| Pyn en lyding van die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (41) |
| Liggaamsmerke wat die leerlinge ontsier | 1 | 2 | 3 | 4 | (42) |
| Verlies aan genietinge van die lewe by die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (43) |
| Gesondheidsverlies by die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (44) |
| Mediese uitgawes | 1 | 2 | 3 | 4 | (45) |
| Verlies aan toekomstige inkomste van die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (46) |
| 15. Indien 'n leerling ernstig beseer word terwyl hy onder toesig van die onderwyser is, moet: | | | | | |
| Mediese hulp verskaf word | 1 | 2 | 3 | 4 | (47) |
| Die leerling na 'n mediese dokter, hospitaal of sy ouerhuis vervoer word | 1 | 2 | 3 | 4 | (48) |
| Sy ouers verwittig word | 1 | 2 | 3 | 4 | (49) |
| Voorgeskrewe dokumentasie voltooi word | 1 | 2 | 3 | 4 | (50) |
| Afskrifte van dokumentasie na die departement gestuur word | 1 | 2 | 3 | 4 | (51) |

## AFDELING D: GEVALLESTUDIE

Lees asseblief die onderstaande deur en gee u mening by die vrae wat daarop volg.

Mnr. Sweis van die Hoër Sekondêre Skool Technika wat 'n baie bekwame sweisonderwyser is, is goed op hoogte met die bepalings van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid van 1983, asook die Onderwysdepartement se regulasies rakende die veiligheid van leerlinge in werkswinkels. Mnr. Sweis is hierbenewens ook nog die voorsitter van sy skool se veiligheidskomitee en hy sien pligsgetrou toe dat veiligheidsvergaderings elke termyn gehou word.

Op 'n sekere dag het mnr. Sweis aan die standerd ses leerlinge opdrag gegee om 'n projek te voltooi. Nadat hy die kragtoevoer na die boogsweismasjien aangeskakel het, het hy die leerlinge beveel om die beskibare leerhandskoene, skutkleding en 'n sweisbril op te sit voordat hulle begin sweis.

Terwyl die leeerlinge besig was, het mej. Blou-oog daar aangekom om vir mnr. Sweis 'n paar vrae te vra oor die veiligheidsituasie in die wetenskaplaboratorium. Mnr. Sweis, wat dit as sy persoonlike taak beskou om al die nuwe onderwyseressies volledig in te lig oor elke moontlike veiligheidsvoorsorgmaatreël, het dadelik sy volle aandag aan die dame gegee. Hulle het ongeveer drie meter van die sweisende seuns af gestaan en gesels.

Op daardie oomblik het een van die leerlinge, Neelsie, besluit dat hy baie beter sonder die sweisbril kan sien, en het hy die bril van sy oë af weggeskuif. 'n Vuurwarm stukkie staal het egter opgespring, in sy oog beland en permanente skade aangerig. Neelsie se pa het vervolgens 'n eis teen die onderwyser ingestel.

Versoek: Gee asseblief telkens u mening ten opsigte van die korrektheid van die volgende stellings deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

Skaal:

1. Stem glad nie saam nie.
2. Stem in 'n geringe mate saam.
3. Stem in 'n groot mate saam.
4. Stem heelhartig saam.

| | | Stem glad nie saam nie | Stem geringe mate saam | Stem groot mate saam | Stem heelhartig saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 16. | In 'n regsgeding teen die onderwyser sal die ouer se aansoek om skadevergoeding waarskynlik slaag op grond van die feit dat die onderwyser nie voldoende toesig gehou het nie. | 1 | 2 | 3 | 4 | (52) |
| 17. | Al het mnr. Sweis vooraf alle moontlike veiligheidsmaatreëls getref, kan hy verwyt word omdat sy aandag by die onderwyseres was en nie by die leerlinge nie. | 1 | 2 | 3 | 4 | (53) |
| 18. | Daar kan waarskynlik 'n verband aangetoon word tussen die nalatigheid van die onderwyser en die ongeluk wat plaasgevind het. | 1 | 2 | 3 | 4 | (54) |
| 19. | 'n Baie ervare sweisonderwyser soos mnr. Sweis moes voorsien het dat 'n standerd ses leerling sy bril kon afhaal. | 1 | 2 | 3 | 4 | (55) |

| | | Stem glad nie saam nie | Stem geringe mate saam | Stem groot mate saam | Stem heelhartig saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 20. | Die leerling was ongehoorsaam deurdat hy sy bril afgehaal het terwyl hy sweis, en die onderwyser kan gevolglik nie vir die voortspruitende skade verantwoordelik gehou word nie. | 1 | 2 | 3 | 4 | (56) |
| 21. | Indien daar wel bewys word dat mnr. Sweis verantwoordelikheid dra vir die ongeluk, kan hy aanspreeklik gehou word vir die mediese onkoste wat die ouers van die leerling aangegaan het. | 1 | 2 | 3 | 4 | (57) |
| 22. | Indien dit bewys kan word dat mnr. Sweis verantwoordelik is vir die skade wat die leerling opgedoen het, kan daar van hom verwag word om skadevergoeding te betaal vir pyn en lyding wat deur die leerling gely is. | 1 | 2 | 3 | 4 | (58) |
| 23. | Daar rus 'n regsplig op die onderwyser om onder sulke omstandighede om te sien na die fisiese veiligheid van die leerling. | 1 | 2 | 3 | 4 | (59) |
| 24. | Dit kan 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van 'n regsgeding indien mnr. Sweis 'n beginneronderwyser is. | 1 | 2 | 3 | 4 | (60) |
| 25. | Dit kan 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van 'n regsgeding indien die leerling 'n standerd ses leerling is. | 1 | 2 | 3 | 4 | (61) |
| 26. | Dit sal 'n wesenlike verskil aan die afloop van die regsgeding maak indien mnr. Sweis net matriekleerlinge vir klas het. | 1 | 2 | 3 | 4 | (62) |
| 27. | Daar word van 'n onderwyser verwag om redelikerwys te voorsien dat 'n standerd ses leerling impulsief en onvoorspelbaar kan optree. | 1 | 2 | 3 | 4 | (63) |
| 28. | Mnr. Sweis se werkgewer kan ten volle aanspreeklik gehou word vir skadevergoeding indien mnr. Sweis behoorlik toesig gehou het. | 1 | 2 | 3 | 4 | (64) |
| 29. | Mnr. Sweis behoort 'n duidelik leesbare kennisgewing by die apparaat aan te bring waarop daar staan dat geen masjien sonder die verlof van die onderwyser gebruik mag word nie. | 1 | 2 | 3 | 4 | (65) |

Baie dankie vir u samewerking.